

# An Exposition of the Seven Church Ages

## Chapter Three

### Die Efésiese Kerkydperk

#### Bekendstelling Van Die Kerkeue

Ten einde vir julle om ten volle die boodskap van die Kerkeue te verstaan wil ek graag die verskillende grondbeginsels verduidelik wat my gemaak het om uit te kom by die name van die boodskappers, die lengte van die eeue, en ander faktore daarby betrokke.

Aangesien hierdie studie die mees ernstige een is wat ek ooit onderneem het tot en met hierdie tyd, het ek God gesoek vir baie dae vir die inspirasie van die Heilige Gees. Toe het ek eers die Skrifte gelees oor die Kerkeue en gedelf in die baie kerk geskiedenis wat deur die mees onpartydige geskiedkundiges geskrywe is wat ek kon vind. God het nie gefaal om my gebed te beantwoord nie, want terwyl ek die Woord en die geskiedenis gelees het, was ek in staat gestel deur die Heilige Gees om 'n patroon te sien wat deur die eeue beweeg het en reg in hierdie huidige, laaste dag.

Die sleutel wat vir my gegee is van die Here waardeur ek in staat was om die boodskapper te bepaal vir elke eeu is 'n mees Skriftuurlike een. Inteendeel dit mag genoem word die Hoeksteen van die Bybel. Dit is die openbaring dat God nooit verander nie, en dat Sy weë net so onveranderlik is soos Hy. In Hebreërs 13:8 sê dit

*"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid."*

Prediker 3:14,15,

*"Ek het ingesien dat alles wat God doen, vir ewig sal bestaan; daar kan niks bygevoeg en daar kan niks van weggeneem word nie; en God het dit so gemaak dat hulle moet vrees voor sy aangesig.*

*Alles wat is, was alreeds; en wat sal wees, was alreeds; en God soek weer op wat verbygegaan het."*

Hier is dit: 'n onveranderlike God met onveranderlike wyse. Wat Hy gedoen het met die EERSTE sal Hy moet aanhou doen totdat dit gedoen word vir die LAASTE keer. Daar sal nooit 'n verandering wees nie. Pas dit toe op die Kerk Eeue. Die soort mens wat God gekies het vir die eerste eeu, en hoe God gemanifesteer is in daardie man se bediening, sal die voorbeeld wees vir alle ander eeue. Wat God gedoen het in die eerste kerkeue is wat Hy wil doen in alle ander eeue.

Nou ons weet presies van die Woord wat deur die Heilige Gees aangeteken is hoe die eerste, of oorspronklike kerk, gestig is en hoe God Homself in haar gemanifesteer het. Die Woord kan nie verander of verander word nie want die Woord is God. Johannes 1:1,

*"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God."*

Om een woord daarvan te verander, soos Eva het, bring sonde en dood, net soos dit sê in Openbaring 22:18-19,

*"... As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.*

*En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is."*

Dus, wat die kerk by Pinkster was is die standaard. Dit is die patroon. Daar is geen ander patroon nie. Ongeag wat die geleerdes sê, God het NIE daardie patroon verander nie. Wat God by Pinkster gedoen het moet Hy aanhou doen totdat die kerkeue eindig.

Hoewel geleerdes jou miskien vertel dat die apostoliese eeu is verby moet jy dit nie glo nie. So 'n verklaring is verkeerd om twee redes. Eerste van als, dit is verkeerd om te dink dat daar nie meer apostels is nie, net omdat die oorspronklike twaalf dood is. 'n Apostel beteken 'n gestuurde een; en daar is baie wat gestuur is vandag, maar hulle word sendelinge genoem. Solank as mense geroep word en uitgestuur word met die Woord van die Lewe is daar 'n apostoliese tyd wat aangaan. Tweedens, hulle verwys na 'n eeu van gemanifesteerde Heilige Gees krag as verby aangesien die Bybel voltooi is. Dit is onwaar. Daar is nie eens een Skrif wat dit suggereer nie, maar baie stel dit beslis anders. Hier is ons bewys dat beide hierdie gevalle vals is. Handeling 2:38,39.

*"En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*

*Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep."*

Die belofte van krag waarmee die apostels toegerus is by Pinkster is vir "julle (Jode), en aan julle kinders (Jode), en aan almal wat daar ver is (Heidene), en aan soveel as wat die Here ons God sal roep (beide Jood en Heiden)". Totdat Hy stop om te roep, sal die Pinkster boodskap en krag NIE OPHOU NIE.

Wat die kerk by Pinkster gehad het is haar onvervreembare reg. Oorspronklik, het sy die suiwer Woord van God gehad. Sy het die krag van die Gees gemanifesteer in verskillende tekens en wonders en gawes van die Heilige Gees. Hebreërs 2:1-4,

*"Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie.*

*Want as die Woord deur engele gespreek, onwankelbaar was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid (aan die Woord) regverdige vergelding ontvang het,*

*hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verontagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het,*

*terwyl God ook nog saam getuig het deur tekens en wonders en met allerhande kragtige dade en bedelinge van die Heilige Gees volgens Sy wil?"*

Daardie oorspronklike kerk was nie georganiseer deur mense nie. Dit is deur die Heilige Gees gelei. Dit was nie baie groot nie. Dit was gehaat en verag. Dit was onderdruk. Dit was vervolgd tot die dood toe. Maar dit was getrou aan God. Dit het gebly by die oorspronklike Woord patroon.

Moenie nou verkeerd verstaan nie. Toe ek gesê het dat God en Sy weë nooit verander nie, het ek nie gesê dat die kerk en sy boodskappers nie kon verander nie. Die kerk is nie God nie. So sy kan verander. Maar wat ek gesê het was dat vanweë die onveranderlike God met onveranderlike wyse kan ons teruggaan na die begin en die eerste en perfekte daad sien van God en dan oordeel volgens daardie standaard. Dit is hoe dit gedoen word. Die Ware Kerk sal altyd probeer om te wees soos die oorspronklike by Pinkster. Die Ware Kerk van vandag sal daardie vroeë een probeer benader. En die boodskappers aan die kerke, wat dieselfde Gees van God in hulle het, sal soos die apostel Paulus wil maak. Hulle sal nie presies soos hy wees nie; maar die ware boodskappers sal diegene wees wat die naaste aan Paulus gekom het, wat vry was van alle mense, uitverkoop aan God, en net die Woord van God voortbring, en die Heilige Gees van God in krag gemanifesteer. Niks anders sou doen nie. Jy moet werk van die oorspronklike. Dis soos soort word soort, die Ware Kerk sal altyd die een wees wat volg in die voetspore van haar stigters by Pinkster en haar boodskappers sal die apostel Paulus volg, die eerste boodskapper vir die eerste kerke. Dit is so eenvoudig, en so wonderlik.

Met hierdie sleutel, so eenvoudig, tog so wonderlik, was ek in staat, deur die hulp van die Heilige Gees, om die Boek van Openbaring te lees en die geskiedenis en daarin te vind elke eeu, elke boodskapper, die tydsduur van elke eeu, en die part wat elkeen gespeel het in die doel van God vanaf Pinkster tot die voltooiing van daardie eeue.

Aangesien julle nou verstaan hoe ons oordeel wat die Ware Kerk was so (wat sy by Pinkster was en wat sy in die apostoliese eeu was soos uiteengesit in die Woord in die Boek van Handeling) kan ons dieselfde reël gebruik om ons te wys hoe die kerk gefaal het. Die basiese fout, of foute, wat ingekruip het in die eerste kerk en geopenbaar is in die Boek van Handeling en Openbaring en ook in die Sendbriewe sal meer en meer sigbaar word en manifesteer in elke opvolgende eeu, totdat ons kom by die totale verduistering van die waarheid in die laaste, of Laodicése Eeu.

Nou uit hierdie eerste sleutel wat ons ontvang het van die Here, kom daar 'n ander en effens minder wonderlike waarheid. Ek het gesê dat die Ware Kerk altyd sou probeer wees soos dit was in die Boek van Handeling. Dit is presies reg. Maar ons het ontdek dat die Woord ook leer 'n oorvalling of fout wat inkom totdat daar 'n volkome verduistering van die waarheid is in die laaste dag wanneer die Here reg is om te verskyn. Die vraag kom nou op in ons gedagtes; sal God Sy eie versaak en hulle laat val in 'n staat van algehele misleiding? Onder geen omstandighede nie, want die Skrif sê baie duidelik in Matthéüs 24:24, dat die Uitverkorenes KANNIE mislei word nie.

*"Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, AS DIT MOONTLIK WAS, ook die uitverkorenes te mislei."*

Wat dan? Die antwoord is duidelik voor ons. Daar is 'n Ware Kerk en 'n vals kerk. Daar is 'n Ware

Wingerdstok en 'n vals wingerdstok. Maar natuurlik daardie vals kerk, vals wingerdstok liggaam, sal altyd probeer om die posisie van die Ware Kerk te eien en betwis dat sy, en nie die Uitverkorene, die ware en opregte is. Die valse sal probeer om die Ware dood te maak. Dit is hoe dit in die Boek van Handeling was, dit is hoe dit in die sewe eeue uiteengesit is, en dit is hoe dit verklaar word in die verskillende Sendbriewe. Dit is hoe dit was. Dit is hoe dit nou is. Dit is hoe dit sal wees. Dit kan nie verander nie.

Nou laat ons baie versigtig wees dat ons nie verward is op hierdie punt nie. Daarom gaan ons die Woord soek om hierdie kleim te bekragtig. Laat ons teruggaan na die Boek van die begin, Génesis. In die Tuin van Eden was daar TWEE bome. Een was goed; een was boos. Een het LEWE voortgebring, die ander het Dood voortgebring. Daar was twee kinders wat oorspronklik offerhandes aan God geoffer het. Laat ek dit herhaal, hulle ALTWEE het offerhandes aan God gebring. Génesis 4:3-5,

*“En ná verloop van tyd het Kain van die vrugte van die land aan die Here 'n offer gebring.*

*En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik van hulle vet. En die HERE het Abel en sy offer genadig aangesien,*

*maar Kain en sy offer nie aangesien nie...”*

Maar een (Kain) was boos, omdat van sy vader (daardie goddelose een), terwyl Abel regverdig was voor die Here. Weereens, daar was twee kinders van die vlees van dieselfde ouers. Hulle was die tweeling van Isak en Rebekka. Een was die uitverkorene van God en die ander was verworpe. Beide het God aanbid. In elke enkele geval was daar aanbidding van God betrokke. In elke geval was dit die bose wat die regverdige gehaat het en die regverdiges wat vervolgt is. In sommige van die gevalle het die bose die regverdige vernietig. Maar let op. Hulle was saam geplant. Hulle het saam gewoon. Hulle het albei aanspraak gemaak op God en God aanbid.

Hierdie illustrasies skets perfek die gelykenis van die Here Jesus Christus toe Hy gesê het dat die koninkryk van die hemel is soos 'n man wat goeie saad gesaai het, net om 'n vyand te laat kom en onkruid tussen daardie goeie sade te plant. God het nie die onkruid geplant nie. Satan het daardie onkruid reg tussen die goeie saad van God geplant. Daardie twee soorte plante (mense), van twee verskillende sade, het saam gegroei. Hulle het op dieselfde aarde voeding ingeneem, het dieselfde son, reën, en alle ander voordele gedeel, en albei was ge-oes op hulle beurt. Sien julle dit? Moet nooit ooit hierdie waarhede vergeet nie, terwyl ons die kerkeue en later die seëls bestudeer. En bo alles, moenie vergeet nie dat dit in hierdie laaste eeu is, wanneer die onkruid gebind word vir hulle vuur, dat hulle die koring sal uitstoot wat deur die Here versamel word.

Ek wil hierdie gedagte helpad deurdra, so laat ons 'n tree verder gaan. Het julle ooit die geskiedenis van herlewings bestudeer? Nou 'n herlewing beteken 'n beweging van God in krag. En elke keer as God beweeg, is Satan daar om ook te beweeg. Dit faal nooit nie. In die dae van die groot Walliese herlewing (en die meeste mense weet dit nie), het die kranksinnige inrigtings vinnig vol geword, en daar was 'n groot vertoning van duiwelse krag om die aandag van God weg te neem. Daar is geskryf in Wesley se dag dat die mense baie vreemde dinge gedoen het wat definitief van Satan was om die goedheid en krag van God uit te koggel. In Luther se dag word daar gesê dat die wonderwerk van sy bediening nie in die feit was dat hy suksesvol teen die Roomse Katolieke Kerk geprotesteer het nie, maar die wonderwerk het in die feit gelê dat hy kon, en het, sterk en gesond van verstand gebly tussen die fanatici wat dikwels gevul was, en gelei is, deur verkeerde geeste. En as jy bewus is van hierdie laaste dag se bediening, sal jy sien dieselfde inbreukmaking van vals en bose geeste. Dit moet so wees. Nou ek hoop en vertrou julle is geestelik ingestel om dit te snap en te onderskryf.

Net om hierdie punt te staaf oor die Ware en vals wingerdlote wat meng en wat die twee geeste wat aan die werk is te demonstreer, laat ons kyk in I Johannes 4:1-4, en Judas 3,4,12.

*“Geliefdes glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.*

*Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God;*

*en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.*

*Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, (antichris gees) omdat Hy wat in julle is, (God se Gees) groter is as hy wat in die wêreld is.”*

Judas 3,4,12.

*"Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.*

*Want SEKERE MENSE (nie heiliges nie) het ingesluit (hierdie het nie in die kraal gekom deur die DEUR nie en is daarom rowers), wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën.*

*Hulle is skandvlekke in julle liefdemaaltye, wat sonder vrees saam feeshou en hulleself voer, ..."*

Dit kan nie ontken word in die gesig van hierdie Skrifte dat die Ware Kerk en die valse kerk saam gevleg is nie, wat saam geplant is maar ander saad het.

Nou dan, ek dink daar is iets anders wat julle behoort te weet. Die sewe kerke wat deur Johannes aangespreek is, is in Klein-Asië en is almal Heidense kerke. Hy praat nie met die kerk in Jerusalem nie wat meestal Jode was met net 'n paar Heidene daarin. Die rede is dat God gedraai het van die Jode na die Heidene. Dus die hele kerke is God besig om met die Heidene te deel, en roep 'n Heidense Bruid uit vir Homself. Dit maak die Kerke en Die Volheid van die Heidene die een en dieselfde ding. Handeling 13:44-48,

*"En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekome om die woord van God te hoor.*

*Maar toe die Jode die skare sien, is hulle met nydigheid vervul en het met lasterlike woorde weerspreek wat deur Paulus gesê is.*

*Maar Paulus en Barnabas het vry-uit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie—kyk, ons wend ons tot die heidene.*

*Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde.*

*En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die Woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe."*

Romeine 11:1-8,

*"Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee stellig nie! Want Ek is ook 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin.*

*God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie. Of weet julle nie wat die Skrif in die gedeelte oor Elía sê nie?—hoe hy by God optree teen Israel en sê:*

*Here, hulle het u profete gedood, en u altare het hulle afgebreek, en ek het alleen oorgebly, en hulle soek my lewe! Maar wat sê die Godspraak aan hom? Ek het vir Myself seweduisend manne laat oorbly wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie.*

*Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade.*

*En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie.*

*Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard.*

*(Soos geskrywe is: God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie;) tot vandag toe.*

Romeine 11:25-29,

*"Want Ek wil nie hê, broers, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;*

*en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;*

*en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.*

*Wat die Evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes ter wille van die vaders.*

*Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik."*

Hierdie sewe kerke wat in Klein-Asië is het sekere karaktertrekke binne-in hulle, op daardie ou tyd, wat die ryp vrugte van later eeue geword het. Wat net saad plantjies toe was het later in 'n ryp oes uitgekom, selfs soos Jesus gesê het,

*"Want as hulle dit doen aan die groen hout, wat sal met die droë gebeur! Lukas 23:31.*

### **Die Boodskap Aan Die Efésiese Kerke**

Openbaring 2:1-7

*Skryf aan die engel van die gemeente in Efése: Dit sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:*

*Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;*

*en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.*

*Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.*

*Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.*

*Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.*

*Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan Hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is.*

### **Die Boodskapper**

Die boodskapper (engel) aan die kerk van Efése was die apostel Paulus. Dat hy die boodskapper was aan die eerste eeu van die Heidense tydperk kan nie ontken word nie. Hoewel aan Petrus die gesag gegee is om die deure oop te maak vir die Heidene, is dit vir Paulus gegee om hulle apostel en profeet te wees. Hy was die Profeet-Boodskapper aan die Heidene. Sy profetiese amp, waardeur hy die volle openbaring van die Woord vir die Heidene ontvang het, het hom as hulle apostoliese boodskapper bekragtig. Hiertoë het die ander apostels in Jerusalem saamgestem. Galásiërs: 1:12-19,

*"Want Ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus.*

*Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom, dat ek die gemeente van God uitermate vervolgd en dit verwoes het;*

*en dat ek in die Jodedom vooruitgegaan het bo baie van my leeftyd onder my stamgenote, terwyl ek veral ywerig was vir die oorleweringe van my voorvaders.*

*Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het,*

*om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig, het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie,*

*en ook nie na Jerusalem opgegaan na die wat voor my apostels was nie, maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus.*

*Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly.*

*en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here.*

Galásiërs 2:2,

*“Maar ek het opgegaan op grond van 'n openbaring en hulle die evangelie voorgelê wat ek onder die heidene verkondig; en afsonderlik aan die wat in aansien was, dat ek nie miskien tevergeefs sou loop of geloop het nie.”*

Galásiërs 2:6-9,

*“Maar van die wat in aansien was—wat hulle vroeër was, maak by my geen verskil nie; God neem die persoon van die mens nie aan nie—hulle dan wat in aansien was, het my niks meer opgelê nie.*

*Maar, intendeel, toe hulle sien dat aan my die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou is, net soos aan Petrus dié vir die besnedenes*

*—want Hy wat Petrus bekragtig het met die oog op die apostelskap vir die besnedenes, het my ook bekragtig met die oog op die heidene—*

*en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfás en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee, sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan;”*

Romeine 11:13,

*“Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel van die Heidene is, verheerlik ek my bediening—”*

Paulus het die kerk by Efése gestig in die middel van die eerste eeu. Dit stel ons in staat om die datum van die begin van die Efésiese Kerke te stel; omtrent 53 n.C.

Sy manier van preek het die patroon gestel vir al die toekomstige boodskappers om na te strew, en stel werklik die patroon vir elke ware prediker van God, hoewel hy nie sulke hoë standaarde in die profetiese sfeer sou bereik soos Paulus nie. Paulus se bediening het 'n drievoudige kwaliteit gehad en was soos volg:

Eerste van alles, Paulus was absoluut getrou aan die Woord. Hy't nooit daarvan afgewyk nie, ten koste daarvan. Galásiërs 1:8-9,

*“Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!*

*Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!”*

Galásiërs 2:11,14,

*“Maar toe Petrus in Antiochië gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het.”*

*Want voordat sommige van Jakobus af gekom het, was hy gewoon om saam met die heidene te eet; maar ná hulle koms het hy hom teruggetrek en hom eenkant gehou uit vrees vir die wat uit die besnydenis is.*

Korinthiërs 14:36-37,

*“Of het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?”*

*As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die Here is.”*

Merk dat Paulus ongeorganiseerd was, maar Geestelik-gelei, soos toe God Moses genader het om Israel uit Egipte te lei. Jerusalem se raad het nooit Paulus uitgestuur nie, nog het dit krag gehad of jurisdiksie oor hom gehad. God, en God alleen, het die stuur en die leiding gedoen. Paulus was nie van mense nie, maar van God. Galásiërs 1:1,

*“Paulus, 'n apostel, nie vanweë mense of deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus en God die Vader wat Hom uit die dode opgewek het,”*

Galásiërs 2:3-5,

*“Maar selfs is Titus, wat by my was, nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek is;*

*en dit vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluip het om ons vryheid te*

*bespied wat ons in Christus Jesus het, sodat hulle ons in diensbaarheid kon bring;*

*aan wie ons selfs nie 'n oomblik in onderworpenheid toegee het nie, sodat die waarheid van die evangelie by julle bestendig sou bly."*

Tweedens, sy bediening was in die krag van die Gees, waarby die gesproke en geskrewe woord gedemonstreer is. 1 Korinthiers 2:1-5,

*"En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie,*

*want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.*

*Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing;*

*en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag,*

*sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God."*

Handelinge 14:8-10,

*"En in Listre het daar 'n man gesit wat magteloos was aan sy voete, kreupel van sy geboorte af, en hy het nooit geloop nie.*

*Hy het geluister terwyl Paulus spreek; en Paulus het die oë op hom gehou, en, toe hy sien dat hy geloof het om gesond te word,*

*met 'n groot stem gesê: Staan regop op jou voete! En hy het opgespring en begin rondloop."*

Handelinge 20:9-12,

*"En 'n sekere jongman met die naam van Eútichus het in die venster gesit en weggesink in 'n diepe slaap; en toe Paulus nog lank gepreek het, is hy oorweldig deur die slaap en het van die derde verdieping afgeval en is dood opgetel.*

*Toe gaan Paulus ondertoe en val op hom en slaan sy arms om hom en sê: Moenie so te kere gaan nie, want sy lewe is in hom.*

*En hy het boontoe gegaan en brood gebreek en geëet; en nadat hy nog 'n geruime tyd gespreek het tot dagbreek toe, het hy vertrek.*

*En hulle het die seun lewendig huistoe weggebring en was uitermate getroos."*

Handelinge 28:7-9,

*"Nou het die hoof van die eiland, wie se naam Públius was, in die omgewing van daardie plek 'n stuk grond gehad, en hy het ons ontvang en drie dae lank vriendelik geherberg.*

*En die vader van Públius het siek gelê aan koors en buikloop. En Paulus het ingegaan na hom toe, en nadat hy gebid het, hom die hande opgelê en hom gesond gemaak.*

*En hierna het ook die ander wat siektes gehad het op die eiland, na hom gekom en is genees."*

II Korinthiers 12:12,

*"Die kentekens tog van 'n apostel is onder julle verwerklik met alle volharding deur tekens en wonders en kragtige dade."*

Derdens, hy het die duidelike vrugte van sy God-gegewe bediening gehad. II Korinthiërs 12:11,

*"Al roemende het ek dwaas geword. Julle het my daartoe genoodsaak. Want ek moes deur julle aanbeveel geword het; want ek het niks by dié uitnemende apostels agtergestaan nie, al is ek niks nie."*

I Korinthiers 9:2,

*"As ek vir ander geen apostel is nie, is ek dit tog seker vir julle, want julle is die seël op my apostelskap in die Here."*

II Korinthiers 11:2,

*"Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel."*

*Paulus het die manier gehad om menigtes van die Heidense skape in te bring; hy het hulle gevoed, en omgee vir hulle, totdat hulle regverdige vrugte voortbring het en is gereed gemaak om die Here as 'n deel van die Heidense bruid te ontmoet.*

Teen die tyd van die prediking van die Openbaring, volgens tradisie, het Paulus alreeds as 'n martelaar gesterf, maar Johannes het aangegaan in sy plek presies soos Paulus gedoen het in die dae van sy bediening. Die dood van Paulus, voor die Openbaring gegee is, weerspreek nie die feit dat hy die boodskapper aan die Efésiese Kerk was nie, want die boodskapper aan elke eeu, ongeag wanneer hy verskyn of gaan, is die een wat daardie eeu beïnvloed vir God deur 'n Woord gemanifesteerde bediening. Paulus was daardie man.

### **Die Stad Van Éfese**

Die stad van Éfese was een van die drie grootste stede van Asië. Dit was dikwels die derde stad van Christen geloof genoem, met Jerusalem eerste, en Antioch tweede. Dit was 'n baie ryk stad. Die regering was Romeins maar die taal was Grieks. Geskiedkundiges glo dat Johannes, Maria, Petrus, Andréas en Filippus almal in hierdie pragtige stad begrawe was. Paulus, wat die ware geloof in hierdie stad gestig het, het daar omtrent drie jaar gepreek; maar wanneer hy afwesig was van die kudde het hy voortdurend, biddend, hulle onthou. Timótheüs was sy eerste biskop. I Timótheüs 1:1-3,

*"Paulus, 'n apostel van Jesus Christus, volgens die bevel van God, ons Verlosser, en van die Here Jesus Christus, ons Hoop*

*aan Timotheus, my ware kind in die geloof: Genade, barmhartigheid, vrede van God onse Vader en Christus Jesus, onse Here!*

*Soos ek jou versoek het toe ek na Macedónië op reis was, moet jy in Éfese wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie,"*

Die einste naam, Éfese, het 'n vreemde saamgestelde betekenis: "Korrelvat op", en "Ontspanne". Die hoë verwagtinge van hierdie eeu wat met die volheid van die Gees begin het, "die diepte van God", waardeur hulle gemik het op die hoë roeping van God, het begin om mee te gee na 'n minder waaksame houding. Minder ywerige volgelingen van Jesus Christus het begin om hulleself te manifesteer as 'n voorspelling dat in die toekomstige eeue die fisiese beweging wat die kerk genoem word sou sink in die verskriklike "diepte van Satan". Dit het ontspanne geword en was besig om te dryf. Alreeds het die eeu begin terugval. Dit het sy eerste liefde verlaat. Die klein saadjie wat geplant was in daardie Efésiese Eeu sou eendag in die gees van dwaling groei totdat alle vuil voëls van die lug in sy takke sou slaap. So onafstootlik vir menslike redenasie sou daardie klein plantjie lyk vir daardie Nuwe Eva (die Nuwe Kerk) dat sy weer deur Satan mislei sou word. Die Efésiese Eeu het vir haar die geleentheid gegee vir God se beste, en vir 'n tydjie het sy oorwin, en toe ontspan, en in daardie onverwagte oomblik het Satan die saad van volledige ruïneering geplant.

Die einste godsdienst van Éfese tipeer perfek hierdie eerste kerkeu en stel die gang van die eeue wat kom. In die eerste plek, die manjifieke tempel van Diana, wat soveel jare in aanbou was, huisves in sy heilige howe die mees dowwe gestalte en onobstrukties, van Diana wat een kon voorstel. Sy was absoluut soos geen ander van haar ewebeelde in die ander tempels wat aan haar gewy was nie. Sy was eenvoudig 'n amper vormlose vroulike figuur wat uiteindelik gesink het in die blok hout waarvan sy gekerf was. En haar twee arms is gevorm deur twee eenvoudige stawe van yster. Hoe perfek demonstreer dit die gees van die antichris losgelaat in die eerste eeu. Daar is hy in die midde van die mense losgelaat, maar het geen vorm aangeneem om die mense te verontrus nie. Maar die twee arms van yster het gewys dat dit sy idee was om die werk van God te verpletter soos hy sy vordering gemaak het. En niemand het hom opgemerk of wat hy gedoen het nie. Maar eendag sou hulle opmerk, wanneer met daardie arms van yster sy dade 'doktriene word' en sy leerstellings die wet van 'n ryk sou word.

Die orde van tempel diens is ook baie sigbaar. Daar was, eerste van alles, priesters wat hofdienaars was. Hierdie steriele priesterskap het die steriliteit van mense voorspel wat sou wegdryf van die Woord, vir 'n mensdom wat aanspraak maak om God te ken apart van die Woord was so onvrugbaar soos wat 'n steriele hofdienaar is. Tweedens, die tempel het in sy gebied die maagdlike priesteresse gehad wat die godsdienstige dae van die tempel verrig het. Dit het die dag uitgewys wat daardie seremonie en vorm, ritueel en werke, die plek van die Heilige Gees sou inneem en nie langer sou charismatiese manifestasie die tempel van God vul nie. Oor hulle almal was die hoëpriester, 'n man met politieke mag en publieke invloed, beeld af wat alreeds in werking was, hoewel nie genoeg gemanifesteer nie, dit is, die kerk sou binnekort oorgegee word aan die leierskap van mense met die mens se planne en mens se ambisies, en "so spreek die Heilige Gees" sou nie langer 'n lewende realiteit wees nie. En heel onder hulle almal was die tempel slawe wat geen keuse gehad het nie behalwe gehoorsaamheid aan die godsdienstige



hiërargie. Wat kan dit beteken behalwe dat die dag sou kom wanneer die gevestigde geestelikes, deur politieke maneuvres, staatshulp, en die plaasvervanging van Woord en Gees vir geloofsbelydenisse, dogmas, en menslike leierskap, die lidmate slawe sou maak terwyl die leiers weelderig gelewe het in wangekrege rykdom en hulle vuil plesiere geniet het, en die arme mense wat bedien moes word volgens God, het nou die bediendes geword.

### **Jesus, Sy Boodskapper En Kerke**

Openbaring 2:1,

*"... Dit sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:*

Hierdie is Hy van Wie dit gesê word, Hierdie Selfde Jesus is BEIDE Here en Christus.' Daar is Hy, die Een en Enigste Here God Almagtig, en naas Hom is daar geen ander nie. Daar is Hy, die Verlosser ("...verlossing is van die Here", Jona 2:9) loop in die middel van die kerke dwarsdeur die sewe eeue. Wat Hy was in die eerste eeu is Hy in alle eeue. Aan elke gelowige, Hy is Jesus Christus dieselfde, gister, en vandag, en tot in ewigheid. Wat Hy eens gedoen het doen Hy steeds, en sal aanhou om te doen.

Nou julle sal oplet dat Jesus alleen loop in die midde van Sy kerke. Daar is niemand anders met Hom nie. Inderdaad kan daar nie wees nie, want Hy alleen het haar verlossing bewerk, en omdat Hy haar met Sy eie bloed gekoop het besit Hy haar. Hy is haar Here en Meester. Sy gee Hom al die eer en daardie heerlikheid sal Hy nie met 'n ander deel nie. Daar is geen pous by Hom nie. Daar is geen aartsbiskop by Hom nie. Maria, die moeder van Sy aardse liggaam, is nie met Hom nie. Hy praat nie en draai na 'n Vader nie, want Hy is die Vader. Hy draai nie om opdragte te gee aan 'n Heilige Gees nie, want Hy is God, Ewige Gees, en dit is Sy Lewe wat vloei en klop in die kerk wat haar lewe gee, en sonder Hom sal daar geen lewe wees nie. Verlossing is van die Here.

Daar was niemand met Hom toe Hy die geweld van die toorn van die vuuroond getrap het nie. Dit was nie 'n ander nie, maar HY Wie op die kruis gehang en Sy bloed gegee het. Hy is die Outeur en Voleinder van ons geloof. Hy is die Alfa en Oméga van ons verlossing. Ons is aan Hom belowe en nie 'n ander nie. Ons behoort nie aan die kerk nie. Ons behoort aan Hom. Sy Woord is wet. Geloofsbelydenisse, dogmas, verordeninge en konstitusies het geen effek op ons nie. Ja, dit is Jesus ALLEEN Wat in die midde van die kerke beweeg. Dit is God in haar, gewillig en doen wat Sy goeie plesier is. Moet dit nooit vergeet nie. Jy het net een verhouding tot God en God het net een verhouding tot jou - dit is JESUS, en JESUS ALLEEN.

Daar is Hy met die sewe sterre in Sy regterhand. Die regterhand of arm beteken die krag en gesag van God. Psalm 44:3,

*"Want hulle het die land nie deur hul swaard in besit geneem nie, en hul arm het hulle nie die oorwinning gegee nie, maar u regterhand en u arm en die lig van u aangesig, omdat U 'n welbehag in hulle gehad het."*

In daardie regterhand van krag is sewe sterre, wie, volgens Openbaring 1:20, die sewe kerk boodskappers is. Hierdie beteken dat die einste krag en gesag van God is agter Sy boodskappers vir elke eeu. Hulle gaan voort in die vuur en krag van die Heilige Gees met die Woord. Hulle is sterre want hulle reflekteer lig. Die lig wat hulle reflekteer is Sy lig. Hulle het geen lig van hulle eie nie. Hulle steek nie hulle eie vure aan sodat mense in die lig van hulle vonk kan wandel nie. Jesaja 50:11. Dit is nag, want dit is wanneer die sterre uitkom. Dit is die nag van die donkerte van sonde, want almal (selfs die hele wêreld), het gesondig en val voortdurend kort van die heerlikheid van God. Romeine 3:23.

Hierdie sewe boodskappers stel God aan die mense bekend. Hy wat hulle ontvang, ontvang Hom Wat hulle gestuur het. Johannes 13:20. Hulle spreek en tree op met Sy outoriteit. Hy staan agter hulle met al die krag van Godheid. Mattheus 28:18-20,

*"En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee ALLE MAG in die hemel en op aarde.*

*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;*

*en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, EK IS METJULLE AL DIE DAE tot aan die voleinding van die wêreld (einde van die eeue)."*

So daar is hulle, vol van die Heilige Gees en geloof, aan die brand met die vuur van God, wat die Woord van die waarheid voortbring, en daar staan Hy om hulle te ondersteun. En dink daaraan, nie een gelowige van enige eeu hoef in sy hart nodig hê om te huil nie, "O, dat ek destyds daar in die eerste eeu kon gewees het toe die apostels eerste uitgestuur is." Daar is GEEN rede om terug te kyk nie. KYK OP!

Aanskou Hom Wie selfs nou wandel in die midde van die kerke deur alle eeue. Aanskou Hom Wie dieselfde is gister en vandag, en tot in ewigheid; en Wie nooit verander in wese of in Sy weë nie. Waar twee of drie vergader is in Sy Naam, daar is Hy in hulle midde! En nie net in hulle midde as 'n tevrede toeskouer nie, of as 'n opname engel nie; maar daar staan Hy uitdruklik reg in wat Hy is - die Lewe en Steun en Gewer van alle goeie gawes aan die kerk. Halleluja!

*"Wie wandel in die middel van die sewe goue kandellare."* Hoe betekenisvol is daardie woorde wanneer gesien in die lig van die Skrif, wat Hom beskryf as "Christus Wie ons Lewe is". Want Christus, inderdaad, is die lewe van die kerk. Sy het geen ander lewe nie. Sonder Hom is sy eenvoudig 'n godsdienstige vereniging, 'n klub, 'n betekenislose byeenkoms van die mense. Soos 'n lyk met juwele en geklee is steeds 'n lyk, so die kerk, maak nie saak wat haar programme en haar genadige pogings mag bereik nie, sonder Christus is sy ook 'n lyk. Maar met Hom in haar midde, met Hom wat haar motiveer, word sy gevul met verwondering van alles "Sy liggaam, die volheid van Hom wat alles vul." En hierdie eerste uur beweeg Hy in die midde van die laaste eeu se goue kandellaar. Wat Hy was soos Hy in die eerste eeu beweeg het is Hy selfs nou in hierdie laaste eeu. Jesus Christus DIESELFDE, GISTER, en VANDAG, en tot in EWIGHEID.

*"Sewe goue kandellare."* In Exodus 25:31, sê dit,

*"Maak ook 'n kandelaar van SUIWER goud. Van DRYFWERK moet die kandelaar, sy voetstuk en sy stam gemaak word; sy kelkies, sy knoppe en sy blomme moet, daarmee saam, uit een stuk wees."*

Die ware kerk van Jesus Christus, die bruid, word vergelyk met SUIWER goud. Haar geregtigheid is SY geregtigheid. Haar eienskappe is SY eie wonderlike eienskappe. Haar identiteit word in Hom gevind. Wat Hy is, moet sy reflekteer. Wat Hy het, moet sy manifesteer. Daar is geen fout in haar nie. Sy is heeltemal glorieryk binne en buite. Van begin tot einde is sy die werk van haar Here, en al Sy werke is volmaak. Inderdaad in haar is opgesom en gemanifesteer die ewigdurende wysheid en doelwit van God. Hoe kan een dit begryp? Hoe kan een dit verstaan? Alhoewel ons dit nie kan doen nie, kan ons dit deur geloof aanvaar, want God het dit gespreek.

Maar nie net is die kandellaar van goud nie, dit is van GELOOIDE goud. Handgemaak van gelooide goud, volgens haar blou afdruk wat Gees-gegee was. Buiten haar Heer en Meester, Jesus Christus, was daar ooit 'n volk so gelooi en gesuiwer soos die bruid van Jesus Christus? Sekerlik sy vul die lyding wat Christus agtergelaat het. Haar goedere is beroof. Haar lewe is in gevaar. Sy word gereken as skape vir die slagting. Sy word doodgemaak heeldag lank. Sy ly baie, maar in dit alles vergeld sy niks nie, nog laat sy ander ly. Waardig vir die Evangelie is hierdie lieflike bruid van Christus. En soos goud smeebaar is, waar brons sal breek met die looiing, sal hierdie goud van God haar lyding vir die Here verduur, nie buig nie, nie breek nie, nie vernietig nie, maar vorm as 'n ding van skoonheid en 'n blydskap vir ewig deur die beproewings en toetse van hierdie lewe wees.

### **Christus Prys Sy Eie**

Openbaring 2:2,3,

*"Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;*

*en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie."*

Hoe pragtig prys die Verlosser sy kinders en beveel hulle aan. Hy neem volle rekenskap van hulle goeie geestelike houding en gedrag. Hy weet dat daar swakheid onder hulle is, maar tog roep Hy nie daarteen uit nie. Is dit nie net soos die Here nie? Hy weet hoe om ons te bemoedig in die regte sake en ons te ontmoedig in die verkeerde sake. Ons kan almal 'n goeie les hier leer in hoe om ons kerk te lei en ons families. En nog beter, ons kan almal 'n goeie les leer in dit dat God presies deel met elkeen van ons op presies hierdie manier. Moet nooit ontmoedig word nie, Heilige van God, want God is nie onwillig om jou arbeid van liefde te vergeet nie. Wat ons ook al doen, selfs om 'n koppie koue water aan een of ander een te gee, het 'n beloning en seën van die Here.

*"Ek ken jou werke, jou arbeid, en jou geduld."* Soos Hy wandel in die midde van Sy kerk, Hy is bewus van die lyding van Sy mense, en Hy gee om. Soos dit was in die dae van die gevangenskap in Egipte toe Hy hulle geroep gehoor het, Hy Wie nooit verander nie hoor die uitroep van die verdrukes soos Hy tussen hulle wandel. Die eerste woord, arbeid, dui 'n moegheid deur verdrukking. God se mense werk nie net vir Hom in liefde nie, maar hulle ly vir Hom met vreugde. Hulle is lydsaam in die dra van die juk. Hierdie eerste eeu het groot vervolging verduur. Hulle moes hard werk om die Evangelie te verkondig en die waarheid te versprei. Hulle hoë roeping in die lewe was om God te dien, en wanneer hulle hoop in die

lewe verwoes is was hulle geduldig en het alles aan Hom toevertrou. Wie hulle 'n ewige beloning in die hemel beloof het vir wat hulle opgegee het vir Hom op aarde.

Ek dink ons behoort hier te stop en met die gedagte deel dat God se mense altyd was en altyd vervolg sal word. Julle weet dat Génesis die boek van oorsprong is, en wat jy vind wat daar begin het sal net voortgaan tot en met die Openbaring en nooit verander nie. Daar sien ons dat Kain Abel vervolg en doodgemaak het omdat die laasgenoemde God behaag het. Dan sien ons 'n volmaakte prent in Abraham se seun van die vlees, Ismael, wat die seun van belofte geterg en beveg het, Isak. En daar was Esau, wat Jakob gehaat en hom sou doodgemaak het, as God nie tussenbeide getree het nie. In die Nuwe Testament vind ons Judas wat Jesus verrai het, terwyl die godsdienstige ordes van die eerste eeu probeer het om die vroeë gelowiges te vernietig. Die kinders van hierdie wêreld, beheer deur die duivel, haat die kinders van God wat deur die Gees beheer word.

Maak nie saak hoe regverdig en opreg 'n Christen is voor die publiek nie, en hoe genadig hy is met sy medemens nie, doen niks behalwe goed nie, laat hom bely dat Christus sy Verlosser is en erken die werke van die gawes van die Heilige Gees in tale, profesie, genesing en wonderwerke, en hy sal veroordeel word. Die gees van hierdie wêreld haat die Gees van God, en omdat dit nie die Gees van die Here kan oorwin nie probeer dit om die persoon in wie die Gees van Waarheid is te vernietig.

Vervolging en beproewings is 'n natuurlike, normale deel van die Christen lewe. Daar is net een ding wat jy kan doen daaromtrent. Wy hulle almal toe aan God, oordeel nie, en los die eind resultaat en oordeel aan Hom.

*"en dat jy slegte mense nie kan verdra nie, en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;"* Hierdie Efésiërs het geglo dat God se mense behoort heilig te wees. Volgens hierdie vers het hulle stappe geneem om die liggaam ongesuur van sonde te hou. Klaarblyklik het die afvalligheid alreeds begin. Sonde het in die kerk ingegaan. Maar hulle was gehoorsaam aan die woorde van Paulus toe hy gesê het om die bese weg te sit onder hulle. Hulle was 'n afgesonderde mense. Hulle het uit die wêreld gekom, en nou het hulle nie toegelaat dat die wêreld onder hulle inkom nie. Hulle sou nie sonde in die kerk verduur nie. Heiligheid was nie 'n uitdrukking of beeldspraak vir hulle nie; dit was 'n weg van lewe.

*"en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het."* Goeiste, dit is 'n kortaf stelling. *"jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is."* Is dit nie moedswillig nie? Wat se reg het mense om hulle te toets wat hulleself apostels noem? En hoe toets hulle hulle? O, ek hou hiervan. Hier is dit in Galásiërs 1:8,

*"Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees."*

Dit was die apostels wat die oorspronklike Woord na die mense gebring het. Daardie oorspronklike Woord kon nie verander nie, nie eens 'n punt of strepie daarvan nie. Paulus het geweet dit was God. Wat so met hom gespreek het dat hy gesê het: "Selfs as Ek kom en probeer om 'n tweede openbaring te gee, probeer om een klein verandering te probeer maak in wat ek oorspronklik gegee het, laat my vervloek wees." Julle sien, Paulus het geweet dat daardie eerste openbaring korrek was. God kan nie 'n eerste openbaring gee, en dan 'n tweede nie. As Hy het, sou Hy Sy gedagte verander het. Hy kan 'n openbaring gee en dan daarby voeg, soos Hy gedoen het in die Tuin van Eden toe Hy die Saad aan die vrou belowe het, en toe later gesê het dat daardie Saad deur Abraham moes kom, en toe later gesê het dat dit sou kom deur dieselfde bloedlyn in Dawid. Maar dit was dieselfde openbaring. Dit het die mense net meer informasie gegee om hulle te help om dit te ontvang en te verstaan. Maar God se Woord kan nie verander nie. Die Saad het presies gekom soos geopenbaar. Halleluja. En kyk wat daardie vals apostels gedoen het. Hulle het gekom met hulle eie woord. Daardie Efésiërs het daardie Woord geken soos Paulus dit geleer het. Hulle was vol van die Heilige Gees deur die oplegging van Paulus se hande. Hulle het daardie vals apostels in die oë gekyk en gesê: "Julle sê nie wat Paulus gesê het nie. Julle is, daarom, vals." O, dit steek my hart aan die brand. Keer terug na die Woord! Dit is nie jy wat die apostel toets nie, en profeet en leermeester, DIT IS DIE WOORD WAT HULLE TOETS. Een van hierdie dae gaan daar 'n profeet na die Laodicése Kerkeu kom en jy sal weet of hy die ware een van God gestuur is of nie. Ja jy sal, want as hy van God is SAL HY IN DAARDIE WOORD WEES PRESIES SOOS GOD DIT VIR PAULUS GEGEE HET. HY SAL NIE AFWYK VAN DAARDIE WOORD VIR 'N OOMBLIK NIE, NIE VIR ENIGIETS NIE. In daardie laaste eeu, wanneer daar baie vals profete sal verskyn, kyk en sien hoe hulle jou vertel dat as jy nie hulle glo en wat hulle sê nie, sal jy verlore wees; maar wanneer daardie LAASTE DAG PROFEET op die toneel verskyn, as hy waarlik daardie profeet is, sal hy uitroep: "Gaan terug na die Woord of anders is jy verlore." Hy sal nie bou op 'n privaat openbaring of interpretasie nie, maar op die Woord. Amen, en Amen!

Hierdie vals apostels is die wrede wolwe waarvan Paulus gepraat het. Hy het gesê: "Sodra ek weg is sal hulle dieselfde openbaring eis; maar hulle doel is nie om julle te help nie, maar om julle te vernietig."

Handelinge: 20:27-32,

*"Want Ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.*

*Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waarom die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.*

*Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie.*

*Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat (hulle eie woord en idees, nie God sin nie) om die dissipels weg te trek agter hulle aan.*

*Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met tranes te vermaan nie.*

*En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van sy genade, wat magtig is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes.*

Johannes het ook van hulle geweet, want hy het gesê in 1 Johannes 4:1,

*"... want baie valse profete (alreeds) het in die wêreld uitgegaan."*

Daardie antichris gees was alreeds besig om die kerk te infiltrer, en dit het dit gedoen deur teen die Woord te gaan. Kyk hier is waar alles begin het. Reg hier in die eerste kerkeeu. Alreeds het hulle die Woord begin verloën en hulle eie leerstellings en filosofie gebring in plaas van die Woord. Dit is anti-chris, want Jesus is die Woord. Om anti-Woord te wees, is om anti-Jesus te wees. Om anti-Woord te wees, is om antichris te wees, omdat die Gees en die Woord EEN is. As jy anti-Woord is, sal jy antichris moet wees. EN AS DIT BEGIN HET IN DIE EERSTE KERK DAN MOET DIT GROEI TOT DIE EINDE WANNEER DIT SAL OORVAT. En dit is presies wat julle sal sien soos ons deur al die eeue gaan. Dit begin baie klein in die Efésiese Eeu en dit groei in elke eeu tot die anti-Woord, antichris sisteem heeltemal oorneem en die onfeilbaarheid van die Woord is verwerp deur die vals apostels van die vals kerk.

Nou dit is maklik om 'n verkeerde indruk te kry van dit wat ons oor praat omdat ek dit so sterk beklemtoon. Dit kan vir jou klink asof hierdie anti-Woord, antichris gees, 'n totale ontkenning van die Woord is, 'n ontkenning van die Bybel die toppunt van sy verwerping. Nee meneer. Dit is nie dit nie. Wat dit is, is Openbaring 22:18,19,

*"Want ek getuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor; As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God sal oor hom die plaes byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.*

*En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.*

Dit is die verandering van net EEN woord deur weg te neem of daarby te voeg. Dit is die oorspronklike skelmstreek van Satan in die Tuin van Eden. Hy het net een klein woordjie gevoeg by wat God gesê het. Dit het dit gedoen. Dit het dood en verwoesting gebring. En in Éfese, was dit net dieselfde. Net 'n woord bygevoeg, net 'n woord weggeneem, en die anti-Woord, antichris gees het begin floreer.

Het julle dit nou gekry? Daar is daardie tweeling weer. Daar is daardie twee bome weer, groei sy aan sy in dieselfde aarde, deel in dieselfde voedsel, drink in dieselfde reën, en trek voordeel uit dieselfde son. Maar hulle kom van VERSKILLENDE sade. Een boom is VIR die Woord van God, presies soos God dit gegee het, en lief dit en gehoorsaam dit. Die ander boom is van die saad wat anti die Woord van God is en verander dit waar dit wil. Dit plaasvervang sy eie leerstellings en dogmas vir die lewende ware Woord presies soos wat Kain het, wat Abel ook doodgemaak het. Maar moet nie bang wees nie klein kudde. Bly by die Woord. Hou daardie Woord tussen jou en die duiwel. Eva het dit nie gedoen nie en sy het gefaal. En wanneer die kerk die Woord los dan gaan sy in die dieptes van die duisternis van Satan.

*"en dat jy verdra het en lydszaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie."* Hierdie is net omtrent dieselfde as wat gesê is in vers twee. Maar in vers twee is die werk, arbei, en geduld vir die bewaar van die heilige Woord wat aan hulle toevertrou is. Hoe hulle die teenstanders weggehou het. Wat 'n krediet was hulle vir Paulus. Maar in hierdie vers is hulle vervolgings en beproewings en geduld oor die geseënde Naam van Jesus.

Julle weet dit is glad nie vreemd nie, want dit is die Woord en die Naam wat die vyand aanbring soos 'n vloed, agter ons aan. Daardie magtige Woord wat gemanifesteer is in genesings, tekens, wonders, en

ander demonstrasies, het die Fariseërs laat uitroep vir die dood van die ware gelowiges. En nou daardie Naam, gehaat en verag deur die Jode, word bespot deur die gekultiveerdes soos hulle gelag het om te dink enigeen kon so dwaas wees as om in 'n man te glo wat gesterf het en weer opgestaan het en wat nou in die Hemel sit. So hier was die godsdienstige vervolgers, die Jode, wat hierdie Jesus gevloek het, Wat vir hulle 'n vals Messias was; en hier was die ander wat met vreugde gelag en sarkasties bespot het die Naam van 'n nuwe god, Wie vir hulle nie 'n god was nie.

Nou hier is iets anders wat in daardie eeu begin het en sal aanhou regdeur die eeue, word dieper en donkerder. Dit is, mense het daardie Naam verwerp. Dit was nie die ware Efésiese Kerk wat dit gedoen het nie. Nee meneer. Dit was die vals apostels. Dit was die buitestaander wat probeer het om in te kom en die gelowiges te besoedel. Die Efésiërs het daardie Naam geken en dit liefgehad. Herroep die oorsprong van daardie Efésiese Kerk. 'n Klein groepie mense wat gesoek het na die Messias het gehoor dat 'n profeet wat homself die voorloper genoem het van die Messias verskyn het in die woestyn van Palestina en was besig om die mense te doop tot die bekering van sondes. Hierdie, het toe, die doop van Johannes ontvang. Maar toe Paulus na hulle toe gekom het, het hy hulle gewys dat die profeet dood was, dat Jesus gekom en Sy lewe vervul het as 'n offerhande vir sonde, en dat die Heilige Gees NOU gekom het en in die ware gelowiges sal ingaan en vul alle ware gelowiges in Jesus, die Messias. Toe hulle dit gehoor het, was HULLE GEDOOP IN DIE NAAM VAN DIE HERE JESUS, en toe Paulus sy hande op hulle gelê het, was hulle almal gevul met die Heilige Gees. Hulle het geweet wat dit was om die Woord te gehoorsaam, om gedoop te word in Sy Naam (Here Jesus Christus) en op daardie manier het hulle geweet hulle sou gevul word met die Heilige Gees. Jy kon nie daardie mense kry om te verander nie. Hulle het die waarheid geken. Handeling. 19:1-7.

Hulle het die krag van daardie Naam geken. Hulle het gesien dat daardie Naam so magtig was dat selfs voorskote wat van die liggaam van Paulus geneem is en gestuur is in Jesus se Naam aan lydende mense het die mense genees van alle soorte siektes en die bose geeste uitgewerp. So duidelik wonderlik het daardie Naam gewerk dat die goddelose Jode in Éfese probeer het om dit te gebruik om duiwels te besweer. Handeling: 19:11-17,

*“En God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen,*

*sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle gewyk en die bose geeste van hulle uitgegaan het.*

*En sommige van die rondtrekkende Jode, duiwelbesweerders, het dit gewaag om die Naam van die Here Jesus te noem oor die wat bose geeste gehad het, en te sê: Ons besweer julle by die Jesus wat Paulus verkondig!*

*Dit was sekere sewe seuns van Skeva, 'n Joodse owerpriester, wat dit gedoen het.*

*Maar die bose gees het geantwoord en gesê: Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?*

*Toe spring die man in wie die bose gees was, op hulle en oormeester en oorweldig hulle, sodat hulle naak en gewond uit daardie huis gevlug het.*

*En dit het bekend geword aan al die Jode en Grieke wat in Éfese woon, en vrees het op hulle almal geval, en die Naam van die Here Jesus is groot gemaak.*

Hulle het die regverdige lewe geken wat saam met daardie Naam gegaan het, want wie ookal die Naam van die Here noem, laat hom van sonde weggaan. Wees julle heilig, julle wat die houers van die Here dra. Jy sal nie die Naam van die Here jou God ydelik gebruik nie. Hierdie Efésiërs was CHRISTENE. Hulle het 'n Naam gedra, en daardie Naam was Christus, Wat die Gees van God binne-in hulle was, en Wat een van die drievoudige Name van hulle Here was.

*“... en ter wille van my Naam gearbei, en nie moeg geword het nie.”* Hierdie gelowiges het nie vir Paulus gewerk, of vir 'n organisasie nie. Hulle was nie toegewyd aan programme en instellings waardeur hulle standaard van waardes opgebou het nie. Hulle het vir die Here gewerk. Hulle was Sy dienaars, nie die pion van organisasie nie. Hulle het nie kerk toe gegaan op Sondag en gepraat oor daardie Naam en dan die res van die week daarvan vergeet nie. Hulle het nie net gepraat oor daardie Naam nie. Nee Meneer. Dit was hulle lewens wat gegee is.

Alles wat hulle gedoen het, het hulle gedoen in daardie Naam. In daardie Naam het hulle gehandel, maar as hulle nie in daardie Naam dit kon doen nie, dan het hulle verseg om te handel. Hierdie was hemelse geplaasde Christene wie se gedrag in die Here was.

Maar daardie vals wingerdstok groep wat daardie Naam wou besmet het gehang soos skuilende wolwe in die donker, wagtend om in te kom en af te breek. Maar die heiliges het die toets deurstaan en het die Woord en die Naam bewaar.

## Die Beskuldiging Van God

Openbaring 2:4,

*"Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het."*

Om dit te verstaan moet julle besef dat die Gees nie net met die oorspronklike heiliges van Efése praat nie. Hierdie boodskap is aan die totale eeu wat geduur het vir omtrent 120 jaar. Sy boodskap, dan, is vir al die geslagte in daardie tydraam. Nou geskiedenis bly homself herhaal. In die geslagte van Israel sien ons herlewings in een geslag, net om die vure te sien verdof in die volgende. In die derde geslag, mag die kole effentjies gloei, maar in die vierde mag daar hoegenaamd geen oorblyfsel wees van daardie oorspronklike vlam nie. Dan steek God daardie vuur weer aan, en dieselfde proses word herhaal. Dit is eenvoudig die openbaring van die waarheid dat God geen kleinkinders het nie. Verlossing word nie voortgesit deur natuurlike geboorte nie, net so min as wat daar enige waarheid is in apostoliese opvolging. Dit is nie in die Woord nie. Jy begin met waarlik wedergebore gelowiges, en wanneer die volgende geslag kom dan is hulle nie meer net Christene nie, maar hulle het 'n denominasionele naam geneem en is nou Baptiste, Metodiste, ens. Dit is presies wat hulle ook is. Hulle is nie Christene nie. Jy moet gebore word uit die wil van God, nie uit die wil van die mens nie, om gered te word. Maar hierdie mense kom nou almal saam deur die wil van die mens. Ek sê nie dat sommige van hulle nie reg is met God nie. Nie vir 'n oomblik sê ek dit nie, maar die oorspronklike vuur het doodgegaan. Hulle is nie meer dieselfde nie.

Die vurige begeerte om God te behaag, die passie om Sy Woord te ken, die uitroep om uit te reik in die Gees, alles begin vervaag en in plaas van dat daardie kerk aan die brand is met die vuur van God het dit afgekoel en het 'n bietjie formeel geword. Dit is wat destyds daar met die Efésiërs gebeur het. Hulle het 'n bietjie formeel geword. Die oorgawe tot God was sterwend en die mense was nie te versigtig oor wat God van hulle gedink het nie soos hulle begin het om versigtig te wees oor wat die wêreld van hulle gedink het. Daardie tweede generasie wat opgekom het was net soos Israel. Hulle het 'n koning vereis om soos die ander nasies te wees. Toe hulle dit gedoen het, het hulle God verwerp. Maar hulle het dit in elk geval gedoen. Dit is die geskiedenis van die kerk. As dit meer dink om gelykvormig met die wêreld te wees in plaas van om gelykvormig tot God te wees, dan is dit nie lank voordat jy hulle sien ophou om dinge te doen wat hulle altyd gedoen het, en begin dinge doen wat hulle nie aanvanklik sou doen nie. Hulle verander hulle manier van aantrek, hulle houdings en hulle gedrag. Hulle raak laks. Dit is wat "Efése" beteken: ontspanne - drywende.

Daardie sirkel van herlewings en dood het nooit gefaal nie. Al wat wat jy hoef te doen is herroep hierdie laaste beweging van God in die Gees toe mans en vrouens aangetrek het soos Christene, kerk toe gegaan het, gebid het die hele nag, gegaan het na die straat hoeke en nie skaam was vir die manifestasies van die Gees nie. Hulle het hulle ou dooie kerke agtergelaat en het aanbid in huise of ou stoor geboue. Hulle het werklikheid gehad. Maar dit was nie te lang tyd voor hulle begin het om genoeg geld kry om mooi nuwe kerke te bou nie. Hulle het 'n koor begin in plaas van om self tot God te sing. Hulle het mantels vir die koor aangetrek. Hulle het 'n beweging georganiseer en dit deur die mens beheer. Hulle het gou begin om boeke te lees wat nie geskik was om te lees nie. Hulle het die tralies laat sak en bokke het ingekom en oorgeneem. Die uitroep van vreugde was weg. Die vryheid van die Gees was weg. O, hulle het aangehou met 'n vorm; maar die vuur het gesterf en die donkerte van die as is omtrent al wat oor is.

'n Paar oomblikke gelede het ek genoem dat Johannes verstaan het wat dit was om God lief te hê. Daardie besondere apostel van liefde sou dit sekerlik gesien het wanneer die kerk daardie eerste liefde van God begin verloor het. In 1 Johannes 5:3, sê hy,

*"Want dit is die liefde tot God, dat ons sy geboorte bewaar; (Sy Woord)."*

Een klein afwyking van daardie Woord was 'n tree weg van Christus. Mense sê hulle het God lief, hulle gaan kerk toe, hulle roep selfs uit en juig en sing en het 'n wonderlike emosionele tyd. Maar wanneer dit alles verby is, kyk en sien of hulle in daardie WOORD is, daarin wandel, daarin lewe. As hulle deur dit alles gaan en nie in daardie Woord wandel nie, kan hulle sê hulle het God lief maar hulle lewens vertel 'n ander storie. Ek wonder of Johannes nie baie daarvan gesien het voordat hy gesterf het nie; mense sê hulle het God lief maar nie Sy Woord gehoorsaam nie. O, Efésiese Kerk, iets gebeur met jou. Iemand probeer of byvoeg by daardie Woord of daaruit wegneem. Maar hulle doen dit so subtiel dat julle dit nie kan sien nie. Hulle het nie 'n verandering so groot gemaak dat jy dit daar in die oopte kan sien nie. Dit is onderlangs, en hulle bring dit deur middel van redenasie en menslike begrip en dit sal oorneem tensy jy dit weier. Gaan terug na Pinkster voor dit te laat is!

Maar soos gewoonlik gee mense nie ag op God se waarskuwings nie. Daardie herlewingsvuur gebou op die heilige Woord is so wonderlik, en die manifestasie van die Gees so geseënd, dat 'n klein bietjie vrees inkruip en 'n fluister in die hart sê, "Hoe kan ons hierdie waarheid beskerm wat ons het? Wat kan ons doen om te verseker dat hierdie herlewings voortgaan?" Dit is wanneer die "antichris gees" inkom en

fluister, "Kyk, jy het die waarheid nou, sien dat dit nie verlore gaan nie. Organiseer en stel jou leerstelling van wat jy glo. Plaas dit alles in 'n kerk handboek." En hulle doen dit. Hulle organiseer. Hulle voeg by die Woord. En hulle sterf net soos Eva deur Een verkeerde woord te neem. Dit is God se Woord wat lewe bring. En dis nie wat ons sê oor die Woord wat tel nie, maar dis wat God gesê het.

### Die Waarskuwing Van God

Openbaring 2:5,

*"Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie."*

God vertel hulle om te ONTHOU. Duidelik het iets hulle gedagtes verlaat. Hulle het iets vergeet. Hy het vir hulle gesê om terug te keer in hulle gedagtes na hulle punt van oorsprong. Die oorsprong van die eerste eeu was Pinkster. Hulle het daarvan geval. Hulle het die heerlijkheid en wonder daarvan vergeet. Dit was tyd om terug te gaan in gedagtes en dan in werklikheid. Terug na toe hulle kon sê, "Vir my om te lewe is Christus." Terug na suiwerheid toe Ananias en Saffira mee gedeel was. Terug na die Poort van Prag. O, watter skande is dit om van God te dryf en daardie dinge te steun wat Sy Naam onteer. Laat diegene wat Sy Naam noem sonde los en hulle kruike suiwer hou vir God. Kyk na wat jy eens in jou hart was, en verstand, en in jou lewe. Gaan dan terug daarnatoe.

En wat is die weg terug? Die weg is die weg van bekering. As 'n sondaar na God moet kom op die manier van bekering dan moet die louwarm of afgedwaalde soveel meer bekeer. Bekeer! Bring vrugte voort reg vir bekering. Bewys dit deur julle lewe. "As jy nie bekeer nie," het God gesê, "Ek sal jou kandelaar verwyder." Sekerlik. 'n Kerk in daardie toestand kan nie lig vir die wêreld gee nie. Sy lig het in duisternis verander. God sal dan sy getroue boodskapper wegneem en sy getroue skaapwagters en hulle by hulleself los, en hulle sal aanhou praat van Christendom maar sal beroof wees van dit.

Bekeer vinnig! Moenie aarsel nie! Klaarblyklik het Efése geaarsel, want haar lewenstydperk was nie baie lank nie. Die heerlijkheid van God het tog so gou verminder. Dit was nie lank totdat die stad 'n ruïne was nie. Sy glorieryke tempel het 'n vormlose massa geword. Die land het 'n moeras geword ingeneem deur watervoëls; die bevolking was weg behalwe vir 'n paar ongelowiges in 'n smerige dorp. Daar was nie eens EEN Christen oor nie. Die lamp was uit sy plek geskeur.

Nou dit beteken nie dat sy nie kon bekeer het nie. Dit beteken nie dat ons nie kan bekeer nie. Ons kan. Maar, dit moet gou wees. Dit moet 'n ware hartroep wees tot God in smart, en dan sal God herstel. Die heerlijkheid sal weer kom.

### Die Saad Van Nikolaïtanisme

Openbaring 2:6,

*"Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat."*

Nou daar is twee gedagtes oor wat die Nikolaïete was. Dit is gesê deur sommige dat hulle 'n groep van apostels was wat as hulle stigter gehad het, Nicolas van Antioch, 'n bekeerling, wat een van die sewe diakens geword het in Jerusalem. Hulle het heidense feeste gehad en was baie onkuis in hulle gedrag. Hulle het dit geleer ten einde sensualiteit te oormeester mens moes weet deur ondervinding van die hele omvang van dit ten eerste. Natuurlik het hulle oorgegee aan losbandigheid sodat hulle agteruitgang algeheel was. Dus het hulle bygevoeg by hulle die twee Ou Testament name wat buitensporigheid gesimboliseer het: Bileam en Isébel. Aangesien Bileam die mense verontreinig en so oorwin het, is dit gesê dat Nicolas soortgelyk gedoen het. Hierdie groep was blykbaar uitgestoot uit Efése en het 'n plek van grondvesting in Pérgamus gevind.

Maar die probleem omtrent hierdie geloof is dat dit nie waar is nie. Daar is absoluut geen geskiedenis daarvoor nie. Dit is sekerlik tradisie. Om so 'n mening te aanvaar sou die kerke van Efése absoluut geskiedkundig maak met geen toepassing op vandag nie. Dit is nie waar nie, want wat ookal begin in die vroeë kerk moet voortgaan in elke eeu totdat dit uiteindelik geseën en verhewe is deur God of vernietig is as 'n onrein ding in die meer van vuur. Dat hierdie tradisie werklik teen die Skrif is, kyk eenvoudig dat in Openbaring 2:2, die Efésiese Kerk kon die bese NIE VERDRA NIE. Hulle moes hulle dus uitsit, of dit sou nie sin maak om te sê hulle kon hulle nie verdra nie. As hulle hulle nie uitgesit het nie, dan het hulle hulle verdra. Nou in vers ses, sê dit dat hulle, hulle werke gehaat het. So hierdie Nikolaïetiese groep het 'n deel van die eerste eeu gebly, hulle daad gedoen. Die daad is gehaat, maar die mense was nie oorgegee as oneffektief nie. Dus sien ons saad in Efése wat sal voortgaan en 'n leerstelling sal word wat reg sal opgaan na, en tot in, die poel van vuur.

Wat is hierdie Nikolaïete? Die woord kom van twee Griekse woorde. Nikao, wat beteken om te oorwin, en Laos, wat beteken die geestelikes. In der waarheid, iemand het iets in daardie vroeë kerk gedoen wat

die geestelikes oorwin het. As die lidmate oorwin was, dan moes dit een of ander "outoriteit" daar gewees het wat dit gedoen het.

Wat was dit wat God gehaat het wat in daardie kerk gebeur het? Wat toe aan die gang was, en is nou aan die gang vandag, is presies wat die woord Nikolatein beteken. Die mense was onderwerp op een of ander manier in 'n manier wat absoluut teenstrydig met die Woord van God was.

Nou om die ware betekenis te kry van wat ons nou gaan deurgaen, moet ek julle waarsku om in gedagte te hou dat godsdiens (geestelike sake as julle wil), is saamgestel uit twee dele, wat saamdraai maar is teenoorgestelde soos swart en wit. Godsdiens en die geestelike wêreld is gemaak van daardie twee bome wat hulle wortels in Eden gehad het. Beide die Boom Van Lewe en die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad het in die middel van die tuin gestaan en sonder twyfel het hulle takke mekaar oorkruis. Dus in die Efésiese Kerk is dieselfde paradoks. Die kerk bestaan uit goed en sleg. Twee wingerdstokke maak die kerk. Hulle is soos die koring en onkruid, groei sy aan sy. Maar een is die WARE. Die ander een is VALS. Nou God sal spreek MET elke een en Hy sal praat OOR elke een. Hy sal hulle die kerk noem. En net die uitverkorene sal regtig weet wat die ware Gees is. Slegs die uitverkorene sal nie mislei word nie. Matthéus 24:24,

*"Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei."*

So ver terug in die vroeë kerk ('n baie kort periode na Pinkster) het die vals wingerdstok homself deurvleg rondom die Ware Wingerdstok en ons vind hierdie dade van die Nikolaiëte. En daardie gees gaan gevind word dat dit veg teen die Ware Wingerdstok totdat dit deur God vernietig word. Nou het julle dit?

Reg. Nou wat was die geestelike klimaat van daardie kerk? Dit het sy eerste liefde verlaat. Om sy eerste liefde van die Woord van God te verlaat was geopenbaar aan ons as om te val van sy oorsprong, wat Pinkster was. In eenvoudige Engels, dit beteken die kerk was in gevaar om weggeneem te word van die leiding van die Heilige Gees, die beheer van die Gees. Dit was presies wat plaasgevind het nadat Moses Israel uit Egipte gelei het. Die manier van God was om hulle te lei deur die wolk van vuur, profetiese verklarings, wonderwerke en tekens, en God-gegewe wonders. Dit moes uitgevoer word deur 'God-gekose', en 'God-bestemde', en 'God-toegeruste', en 'God-gestuurde', mans, met die hele kamp wat gedomineer word deur 'n Heilige Gees beweging. Hulle het gerebelleer en wou 'n stelsel van reëls hê en leerstellings om volgens te gaan. Toe wou hulle 'n koning hê. Toe wou hulle presies soos die wêreld wees en het in totale afvalligheid verval en vergetelheid. Dit is presies hoe die eerste kerkeu begin het, en dit sal erger en erger word, totdat die Heilige Gees heeltemal verwerp is en God die mense moet vernietig.

Kyk hoe dit in die vroeë kerk begin het. Dit is genoem dade. Toe het dit 'n doktriene geword. Dit het die standaard geword. Dit het die onbuigbare manier geword. Dit het uiteindelik oorgeneem en God is opsy gedruk. O, dit het so klein begin, so stil, so argeloos. Dit het so goed gelyk. Dit het so goed geklink. Toe het dit 'n houvas gekry, en soos 'n luislang, het dit die einste asem uitgedruk en al die geestelikheid doodgemaak wat daar in die kerk was. O, daardie vals wingerdstok is subtiel. Dit is soos 'n engel van lig totdat dit 'n houvas op jou kry. Nou ek wil sê dat ek glo in leierskap. Maar dit is nie die leierskap van mans waarin ek glo nie. Ek glo in die leierskap van die Heilige Gees wat deur die Woord kom. Ek glo ook, dat God mans in die kerk geplaas het, manne wat begaafd is deur die Gees; en hulle sal die kerk in orde hou. Ek glo dit. Ek glo ook dat die kerk bestuur word deur mans wat God stuur om beheer te neem. Maar daardie reël is VOLGENS DIE WOORD, so dit is nie eintlik mans wat beheer nie maar die GEES VAN GOD, want die Woord en Gees is EEN. Hebreërs 13:7,

*"Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aankou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na."*

Maar kyk wat destyds gebeur het. Daardie vals wingerdstok het 'n houvas gekry en dit het geleer dat heerskappy deur mense reg was. Dit het geleer dat die kerk bestuur moes word. Dit het 'n beheer oor die mense geleer, maar in plaas van om dit op God se manier te doen, het hulle eenvoudig gesag geneem en het al die geestelike mag in hulle eie hande geneem en het uitgekome met 'n heilige priesterdom wat tussen God en die mense staan. Hulle het reguit teruggegaan na die ou Aäronse stelsel. Hulle het antichris geword want hulle het ontslae geraak van Sy middelaarskap en hulle eie opgelê. God het dit gehaat. Die Efésiërs het dit gehaat en enige ware gelowige sal dit ook haat. Ons moet stokblind wees om nie daardie selfde ding te sien aan die werk regdeur die eeue nie en dit is nou die ergste van almal. Wat dit was, was organisasie. Wat die mense afgesonder het. God se mense is veronderstel om een te wees. Deur EEN Gees is hulle ALMAL gedoop in een liggaam en ELKEEN moet deur die Heilige Gees geroer word en ELKEEN moet deelneem in die aanbidding van God. Maar mense wou die voorrang hê, so hulle het beheer oorgeneem, en biskoppe het aartsbiskoppe geword, en met imposante titels het hulle die Woord van God omseil en hulle eie doktrienes geleer. Hulle het die mense gekry om hulle te gehoorsaam totdat die tyd gekom het dat hulle manier van aanbidding nie enigsins ooreengekom het met die manier van die vroeë dae na Pinkster nie. Hierdie dade was die begin van die apostoliese opvolging.



Na apostoliese opvolging was dit een maklike en vinnige trap na "kerklidmaatskap" as die middel van reddende genade. Die Woord was verminder tot 'n geloofsbelydenis. Antichris deur sy gees het die kerk oorheers.

Kyk daarna vandag. As julle Handeling 2:4 lees op die manier wat sommige doen, kan jy dit so lees, "Nou wanneer die Pinksterdag ten volle aangebreek het, het daar 'n priester met 'n beskuitjie gekom en gesê, 'Steek uit jou tong', en hy het die beskuitjie daarop gelê, en hy homself het bietjie wyn gedrink en gesê, 'Jy het nou die Heilige Gees ontvang.'" Ongelooflik? Dit is presies wat Nicolaïtisme geword het. Hulle sê, "Maak nie saak wat God se Woord sê nie. Julle kan dit nie kan verstaan nie. Ons moet dit vir julle interpreteer. Boonop is die Bybel nie voltooi nie. Dit moet verander met die tye en ons sal jou sê wat die veranderinge is." Hoe teenstrydig is dit met die Woord van God wat uitdruklik stel, "Laat God waar wees, maar elke mens 'n leuenaar," wanneer daar 'n konflik is met die waarheid. Hemel en aarde sal verbygaan, maar NIE EEN WOORD van God sal faal nie. So die mense word deur die mense gelei wat voorgee om te wees wat hulle nie is nie. Hulle sê hulle is predikante van Christus, maar wat hulle is, is antichris.

Hier is nog 'n hartseer storie. Dit is die storie van waterdoop. In Jesus se dag en na Pinkster is hulle onderdompel in water. Niemand kan dit ontken nie. Geleerde manne sê dat al wat hulle gedoen het was om water op hulle te gooi want dit was maklik om klein watergate in baie plekke te vind. En wanneer hulle water op hulle gooi, doen hulle dit in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, asof daardie titels werklike name was, en asof daar drie Gode was in plaas van net een. Maar bly in daardie organisasie en probeer om die waarheid te preek van onderdompeling in die naam van die Here Jesus Christus en jy sal uitgesit word. Jy kan nie deur God gelei word en daar bly nie. Dit is onmoontlik.

Nou Paulus was 'n profeet, onderrig deur die Heilige Gees. As Paulus in die Naam van die Here Jesus Christus gedoop het, en gesê het dat enigiemand wat anders gedoen het as sy prediking was vervloek, dan is dit tyd om wakker te word en te sien dat die kerk nie langer beheer word deur die Heilige Gees nie maar dit word beheer deur die Nikolaiete. Handeling 20:27-30,

*"Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.*

*Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.*

*Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie.*

*Ja uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan."*

Paulus het dit gesien kom. Maar hy het hulle gewaarsku oor hierdie subtiële priesterskap wat sou kom en oorneem met sy vals doktrienes. Hy het geweet hulle sou 'n manier van aanbidding inbring wat mense sou uitsluit van enige deel in 'n Heilige Gees bediening. En selfs tot vandag onder hulle wat aanspraak maak om vry te wees en vol van die Gees is daar nie te veel vryheid onder die lidmate nie, en die beste wat ons kan sien is 'n paar predikers met geïnspireerde prediking terwyl die kudde net daar sit en dit probeer absorbeer. Hierdie is baie ver van Paulus wat gesê het dat wanneer almal saamkom, het almal die leiding van die Gees, en almal neem deel in Geestelike aanbidding.

En die kerkbestuur het nooit hierdie les geleer van die Skrif nie, nog van die geskiedenis. Elke keer wat God 'n besoek van die Heilige Gees gee en mense vry word, na 'n rukkie bind hulle hulleself reg terug na die einste ding waaruit hulle uitgekome het. Toe Luther uit Katolisisme gekom het, was die mense vry vir 'n ruk. Maar toe hy gesterf het, het die mense eenvoudig georganiseer wat hulle gedink het hy geglo het, en hulle eie leerstellings en idees begin het, en verwerp enigeen wat teenoorgestelde gesê het as wat hulle gesê het. Hulle het reguit teruggegaan na Katolisisme met 'n bietjie ander vorm. En net vandag is baie Lutherane gereed om al die pad terug te gaan.

O, ja! In Openbaring 12, het daardie ou hoer baie dogters gehad. Hierdie dogters is net soos moeder. Hulle het die Woord opsy gesit, die werk van die Gees van God ontken, die lidmate onderwerp, en maak dit onmoontlik vir die lidmate om God te aanbid tensy hulle deur hulle gaan of deur hulle patroon, wat niks anders is as 'n plan van ongeloof van Satan homself.

Waar, o waar, is ons geestelik? Ons is in 'n wildernis van duisternis. Hoe ver het ons van die eerste kerk afgedwaal. Pinkster is nêrens in sig en die Woord kan nie gevind word nie. Apostoliese opvolging, wat vandag volop is, word nie in die Woord gevind nie. Dit is 'n mensgemaakte uitvindsel. Dit vervang wederregtelik die waarheid dat GOD, NIE MENS, Sy leiers in die kerk gesit het. Petrus was nie eens in Rome nie. Tog lieg hulle en sê hy was. Geskiedenis bewys hy was nie. Daar is mense wat geskiedenis gelees het, maar trek net hulle skouers op en gaan terug om 'n leuen te glo. Waar kan jy die 'predikant

van Christus' in die Woord kry? Niemand neem Sy plek nie, tog is dit gedoen en mense aanvaar dit. Waar kan jy kry dat 'bygevoegde openbaring' deur God aanvaar word, veral openbaring teenstrydig met een wat alreeds gegee is? Tog hulle aanvaar dit en bly daarby. Waar kry jy 'n 'treitering'? Waar vind jy 'n 'heilige nagmaal'? Waar vind jy dit om 'geld te betaal om uit die hel te kom'? Dit is nie in die Woord nie, maar mense het dit in hulle eie boek gesit en daardeur die mense oorwin, hulle deur vrees regeer. Waar vind jy dat 'mens het die krag om ons te vergewe asof hy God is'? "Genadelose wolwe," is kwalik sterk genoeg om hulle te beskryf. Nikolaïtisme. Organisasie. Mens oor die mens.

Kom terug na God. Bekeer voor dit te laat is. Sien die handskrif teen die muur. Dit geskrewe oordeel. Soos die heilige vate onheililig is en so die toorn van God gebring het, nou is die heilige Woord onheililig en die Gees gegrief, en oordeel is hier, selfs voor die deur. Bekeer! Bekeer! Gaan terug na Pinkster. Terug na die leierskap van die Heilige Gees. Terug na die Woord van God, want hoekom sal julle sterwe?

### Die Stem Van Die Gees

Openbaring 2:7,

*"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die Boom Van die Lewe wat binne-in die paradys van God is."*

*"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."* Dit mag wees dat miljoene hierdie woorde sal hoor of hulle lees. Maar hoeveel sal aandag gee aan hulle? Dit sal ons nie weet nie. Maar hy wat sy oor uitleen en die woorde van waarheid wil ken sal die Gees van God verliggend vind. As jou oor oop is vir die Woord, sal die Gees van God die Woord vir jou werklik maak. Nou dit is 'n werk van die Gees. Ek kan jou die waarheid leer, maar as jy nie jou oor oopmaak om dit te hoor nie en jou hart om dit te ontvang nie, dan sal jy nie die openbaring kry nie.

Nou let op, dit sê dat die Gees praat met die kerke. Dit is meervoud, nie eenvoud nie. Die Gees het nie vir Johannes laat neerskryf vir 'n plaaslike Efésiese kerk nie, nog vir die eerste eeu alleen. Dit is vir al die kerke. Maar hierdie is die kerk van inleidings. En dus is dit soos die Boek van Génesis. Wat begin het in Génesis bly waar dwarsdeur die hele Woord en sluit uiteindelik af in Openbaring. Dus, hierdie kerk wat begin in Handeling 1 is God se bloudruk vir alle tydperke totdat sy afsluit in die Laodicése Eeu. Kyk noukeurig daarna. Laat elke eeu oplet, want wat hier aangaan is slegs die begin. Daardie klein boompie wat geplant is gaan groei. Dit gaan deur die eeue groei. Hierdie, dan, is 'n boodskap vir elke Christen deur elke eeu totdat Jesus kom. Ja, dit is, want dit is die Gees wat spreek. Amen.

### Die Beloofde Beloning

Openbaring 2:7,

*"... Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die Boom Van die Lewe wat binne-in die paradys van God is."*

Hierdie is die toekomstige beloning vir alle oorwinnaars van alle tydperke. Wanneer die laaste uitroep vir die stryd verkondig is, wanneer ons wapenrusting neergelê is, dan sal ons rus in die paradys van God en ons deel sal die Boom van die Lewe wees, vir ewig.

*"Die Boom Van Lewe."* Is dit nie 'n pragtige beeldspraak nie? Dit word drie maal in die Boek van Génesis en drie keer in die Boek van Openbaring genoem. In al ses plekke is dit dieselfde boom en simboliseer presies dieselfde ding.

Maar wat is die Boom Van die Lewe? Wel, eerste van alles sal ons moet weet waarvoor die boom self staan. In Numeri 24:6, soos Bileam Israel uitgebeeld het, het hy gesê hulle was "bome soortgelyk aan aalwyne wat die Here geplant het." Bome deur die Skrifte verwys na persone, soos in Psalm 1. Dus die Boom Van Lewe moet die Persoon van Lewe wees, en dit is Jesus.

Nou in die Tuin van Eden was daar twee bome wat in die middel gestaan het. Een was die Boom Van Lewe, die ander was die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad. Mens moes lewe volgens die Boom Van Lewe; maar hy moes nie die ander boom aanraak nie anders sou hy sterf. Maar mens het van die ander boom geniet, en toe hy het, het die dood ingekom deur sy sonde, en hy is afgesonder van God.

Nou daardie Boom terug daar in Eden, daardie Boom wat die bron van lewe was, was Jesus. In Johannes, hoofstukke ses tot agt, stel Jesus Homself voor as die bron van die ewige lewe. Hy het Homself genoem die Brood van die hemel. Hy het gepraat van om Homself te gee en dat as 'n mens van Hom sou eet sou hy nooit sterf nie. Hy het verkondig dat Hy Abraham geken het, en dat voor Abraham was, WAS Hy. Hy het geprofeteer dat Hy Homself vir hulle lewende water sou gee dat as die mens sou drink sou hy nooit weer dors word nie, maar sou lewenslank lewe. Hy het Homself gewys as die GROOT EK IS. Hy is die Brood van Lewe, die Put Van Lewe, die Ewige Een, die BOOM VAN LEWE. Hy was terug daar in Eden in die middel van die tuin soos Hy sal wees in die middel van die paradys van God.

Sommige het 'n idee dat die twee bome in die tuin net nog twee bome was soos die res van hulle wat God daar geplaas het. Maar versigtige studente weet dat dit nie so is nie. Toe Johannes die Doper gehuil het dat die byl geslaan is op die wortel van alle bome, het hy nie gepraat van eenvoudig natuurlike bome nie, maar van geestelike beginsels. Nou in 1 Johannes 5:11 sê dit,

*"En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun."*

Jesus het in Johannes 5:40 gesê,

*"En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie."*

Dus die getuienis, God se Woord, stel eenvoudig en duidelik dat LEWE, EWIGE LEWE, is in die Seun. Dit is geen ander plek nie. 1 Johannes 5:12,

*"Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie."*

Nou aangesien die getuienis nie kan verander nie, weg gevat van of bygevoeg word, dan staan die getuienis dat DIE LEWE IS IN DIE SEUN... Aangesien dit so is, DIE BOOM IN DIE TUIN MOET JESUS WEES.

Goed. As die Boom Van Lewe 'n persoon is, dan is die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad OOK 'n persoon. Dit kan nie anders wees nie. Dus die Regverdige Een en die Goddelose Een het sy aan sy gestaan daar in die middel van die Tuin van Eden. Eségiël 28:13

*"Jy (satan) was in Eden, die tuin van God;"*

Hier is waar ons die ware openbaring kry van die Slang se saad.' Hier is wat regtig in die Tuin van Eden gebeur het. Die Woord sê dat Eva deur die slang verlei is. Sy was werklik verlei deur die slang. Dit sê in Génesis 3:1,

*"Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het."*

Hierdie dier was so naby aan 'n menslike wese (en tog was suiwer dier) dat hy kon redeneer en praat. Hy was 'n regop skepsel en was soort van tussen 'n sjimpansee en 'n man, maar nader aan 'n man. Hy was so naby om mens te wees dat sy saad kon, en het gemeng met die van die vrou en haar laat swanger word. Toe dit gebeur het, het God die slang vervloek. Hy het elke been in die slang se liggaam verander sodat hy moes seil soos 'n slang. Wetenskap kan alles probeer wat hulle wil, en hulle sal nie die verlore skakel vind nie. God het gesorg daarvoor. Mense is slim en hulle kan 'n assosiasie van die mens sien met 'n dier en hulle probeer dit bewys deur evolusie. Daar is nie enige evolusie nie. Maar mens en dier het gemeng. Dit is een van die verborgenhede van God wat geslote gebly het, maar hier is dit geopenbaar. Dit het gebeur reg daar in die middel van Eden toe Eva weggedraai het van Lewe om Dood te aanvaar.

Merk wat God vir hulle gesê het in die tuin. Génesis 3:15,

*"En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt."*

As ons krediet vir die Woord gee dat die vrou 'n Saad gehad het, dan moes die slang sekerlik ook 'n saad gehad het. As die Saad van die vrou 'n man-kind apart van die man was, dan moet die saad van die slang op dieselfde manier wees, en dit is dat 'n ander man gebore moet word apart van menslike manlike instrumentaliteit. Daar is geen student wat nie weet nie dat die Saad van die vrou die Christus was Wie deur die bemiddeling van God gestuur is, sonder menslike gemeenskap. Dit is ook net so goed bekend dat die voorstel van die slang se kop wat vermorsel word in der waarheid 'n profesie was aangaande wat Christus teen Satan sal volbring aan die kruis. Daar by die kruis sou Christus die kop van Satan verbrysel, terwyl Satan die hakskeen van die Here sou kneus.

Hierdie gedeelte van die Skrif is die openbaring van hoe die letterlike saad van die slang in die aarde gesaai was, selfs soos ons die verslag het van Lukas 1: 26-35 het, waarin die presiese verklaring uiteengesit is van hoe die Saad van die vrou in fisiese manifestasie gekom het afsonderlik van die instrumentaliteit van die menslike man.

*"En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na 'n stad in Galiléa met die naam van Násaret,*

*na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria.*

*En die engel het by haar binnegekome en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue.*

*En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daarvoor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken..*

*En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria; want jy het genade by God gevind.*

*En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom JESUS noem.*

*Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee,*

*en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.*

*Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?*

*En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.*

Soos die Saad van die vrou letterlik God was wat Homself voort gebring het in menslike vlees, so is die saad van die slang die letterlike manier wat Satan gevind het dat hy in staat was om die deur vir homself oop te maak in die menseras. Dit was onmoontlik vir Satan (want hy is net 'n GESKEPTE geeswese) om homself te reproduseer op die manier wat God Homself gereproduceer het, so die Genesis verslag vertel hoe hy sy saad geproduseer het en homself ingevoeg of ingestoot het in die menslike ras. Ook onthou dat Satan die slang genoem word.' Dit is sy saad of bekendstelling in die menslike ras waarvan ons praat.

Voordat Adam ooit vleeslike kennis gehad het van Eva, het die slang die kennis voor hom gehad. En die een gebore daaruit is Kain. Kain was van (gebore uit, verwek van) daardie "Goddelose Een". 1 Johannes 3:12. Die Heilige Gees in Johannes kon nie eens een plek Adam noem die "Goddelose Een" nie, (want dit is wat hy sou wees as hy Kain verwek het) en in 'n ander plek Adam noem die "Seun van God" wat hy was deur die skepping. Lukas 3:38. Kain het uitgedraai in karakter soos sy vader, 'n draer van dood, 'n moordenaar. Sy uiterste weerstand teen God toe hy in die aangesig van die Almagtige was in Génesis 4:5,9,13,14, wys hom om absoluut onmenslik te wees in die karaktertrekke, skyn om meer weergaloos te wees in enige verklaring wat ons het in die Skrif waar daar enige konfrontasie van Satan met God was.

*"maar Kain en sy offer nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad, en hy het sy hoof laat hang.*

*Toe sê die Here vir Kain: Waar is jou broer Abel? En hy antwoord: Ek weet nie. Is ek my broer se wagter?*

*Daarop sê Kain vir die Here: My skuld is te groot om dit te dra.*

*Kyk, U verdryf my nou uit die land uit, en ek moet my verberg vir u aangesig: 'n swerwer en vlugteling sal ek op die aarde wees, en elkeen wat my kry, sal my doodslaan.*

Let op die presiese manier wat die rekord van God die verslag van die geboortes van Kain, Abel en Set uiteensit. Génesis 4:1,

*"En die mens het sy vrou Eva beken, en sy het swanger geword en Kain gebaar en gesê: Ek het 'n man verkry met die hulp van die Here. Daarna het sy ook sy broer Abel gebaar."*

Génesis 4:25,

*"En Adam het sy vrou weer beken, en sy het 'n seun gebaar en hom Set genoem ... "*

Daar is DRIE seuns gebore van TWEE dae van vleeslike kennis deur Adam. Aangesien die Bybel die presiese en volmaakte Woord van God is, is dit geen fout nie maar 'n rekord vir ons inligting. Aangesien DRIE seuns gebore is van TWEE dae deur Adam, dan weet julle DEFINITIEF dat EEN van daardie drie WAS NIE die seun van Adam nie. God het dit op hierdie presiese wyse aangeteken om ons iets te wys. Die waarheid van die saak is dat Eva in haar skoot TWEE seuns gehad het (tweeling) van VERSKILLENDE bevrugtings. Sy het 'n tweeling gedra, met Kain se bevrugting 'n tydperk voor die van Abel. Sien daardie TWEELING weer. Perfekte tipe soos altyd. Aan die wat dink dat dit nie moontlik is nie, laat dit bekend wees dat die mediese rekords oorvol is van gevalle waar vroue tweeling gedra het wat van aparte ovariums en aparte inseminasies gekom het met die bevrugting van die eiers dae apart, en NIE NET DIT NIE, maar sommige rekords wys dat die tweeling deur verskillende mans verwek is. Onlangs was daar wêreldwye nuus aan 'n Noorweëgse vrou gegee wat haar man hof toe gevat het vir onderhoud vir haarself en haar tweeling, een wat wit was en die ander swart. Sy het erken dat sy 'n swart minnaar

gehad het. Die twee bevrugtings was omtrent drie weke uitmekaar. In Beaumont, Texas, in 1963, het die rekords weer 'n veelvoudige geboorte na vore gebring waar die geboorte baie dae uitmekaar was, soveel so dat die vrou amper saam met een kind tydens geboorte gesterf het.

Nou waarom moes dit so wees? Hoekom was dit dat die saad van die slang so moes kom? Mens is geskep vir God. Mens sou die tempel van God wees. Die plek van God se rus (die Heilige Gees) was die mens, die tempel. Handeling 7:46-51,

*“wat genade gevind het voor God en gevra het om 'n woonplek vir die God van Jakob te verkry.*

*En Salomo het 'n huis vir Hom gebou.*

*Maar die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profeet sê:*

*Die hemel is my troon, en die aarde die voetbank van my voete. Watter soort huis sal julle vir My bou, sê die Here, of hoedanig is die plek van my rus?*

*Het my hand nie al hierdie dinge gemaak nie?*

*Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle.*

Satan het dit al die tyd geweet. Hy wil ook in die mens woon net soos God. Maar God het vir Homself daardie reg voorbehou. Satan kan dit nie doen nie. God alleen het in menslike vlees verskyn. Satan kon nie en kan dit nie doen nie. Hy het nie skeppende magte nie. Die enigste manier vir Satan om te doen wat hy wou doen, was om in Eden binne in die slang te gaan net soos hy deur bese geeste in die varke ingegaan het by Gadara. God gaan nie in diere nie; maar Satan kan en sal om sy doelwitte te bereik. Hy kon nie 'n kind direk by Eva hê soos God deur Maria nie, so hy het in die slang ingegaan en het Eva toe verlei. Hy het haar verlei en deur haar het Satan 'n kind verwek. Kain het die volle geestelike karaktertrekke van Satan gehad en die dierlike (wellustig, vleeslik) karaktertrekke van die slang. Geen wonder die Heilige Gees het gesê dat Kain van daardie bese een was. Hy was.

Nou ek wil bewys met wat ons het dat daar 'n definitiewe verwantskap is tussen die mens en dier. Dit is 'n fisiese ding. Weet julle dat jy die embriosele van 'n ongebore fetus kan inspuit in menslike wesens? Dan gaan die skildklierselle reguit na die menslike skildklier, die nierselle sal reguit na die menslike niere gaan. Besef julle hoe ontsaglik dit is? 'n Sekere intelligensie lei daardie dierselle na presies die regte plek. Daardie intelligensie aanvaar daardie selle en sit hulle presies in die regte plek. Daar is 'n verwantskap tussen dier en mens. Hulle kan nie meng en reproduseer nie. Dit is beproef. Maar terug in die tuin het vermenging plaasgevind en die chemiese verwantskap wat steeds bestaan bewys dit. Destyds in Eden was die slang 'n regop skepsel. Hy was amper soos die mens. Hy was amper mens. Satan het voordeel getrek uit die slang se fisiese karaktertrekke om hom te gebruik om Eva te verlei. Toe het God daardie patroon van die slang vernietig. Geen ander dier kan meng met die mens nie. Maar die verwantskap is daar.

Noudat ons sover gekom het, laat ek julle denke probeer kristalliseer oor hierdie onderwerp sodat julle die belangrikheid kan sien van ons wat gaan in die slangsaad leerstelling soos ek het. Ons begin met die feit dat daar TWEE bome in die middel van die tuin was. Die Boom van die Lewe was Jesus. Die ander boom is definitief Satan vanweë dit wat voortgekom het van die vrugte van daardie boom. Nou dan, ons weet dat albei van daardie bome 'n verhouding gehad het met die mens anders sou hulle nooit daar geplaas gewees het nie. Hulle moes 'n deel in die soewereine plan en doel van God gehad het in hulle verhouding tot die mensdom en tot Homself of ons kon nooit alweetendheid tot God toereken nie. Hierdie is alles waar sover, is dit nie? Nou die Woord stel definitief voor dat van VOOR die begin van die aarde die doel van God was om Sy Ewige Lewe met die mens te deel. Efésiërs 1:4-11,

*“soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,*

*deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehoe van sy wil,*

*tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.*

*In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,*

*wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand,*

*deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehoe*

*wat Hy in Homself voorgeneem het,*

*om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op aarde is, onder een hoof in Christus te verenig –*

*in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil,*

Openbaring 13:8,

*“En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid (Satan) ALMAL wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.”*

Maar daardie Lewe kon nie, en sou nie, op enige ander manier gedeel word as deur die manier van “God gemanifesteer in die vlees.” Dit was 'n deel van Sy ewige en voortbestemde doel. Hierdie plan sou wees vir die lof van die heerlijkheid van Sy genade. Dit was die plan van Verlossing. Dit was die plan van Saligheid. Nou luister aandagtig. “God wat 'n Verlosser is, dit was nodig dat Hy 'n mens voortbestem wat saligheid sou vereis ten einde Homself rede en doel te gee om sy bestaan.” Dit is een honderd persent korrek en menige Skrifte bewys dit soos die einste vers wys in Romeine 11:36,

*“Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is ALLE DINGE. Syne is die HEERLIKHEID tot in ewigheid. Amen.”*

Mens kon nie direk kom en deel in daardie Boom van die Lewe in die middel van die tuin nie. Daardie Ewige Lewe van die Boom moes eers vlees word. Maar voordat God 'n sondaar kon oprig en red, moes Hy 'n sondaar hê om op te rig en te red. Mens moes val. Die val wat veroorsaak sou word deur Satan, moes vlees hê om te val. Satan moes ook deur vlees kom. Maar Satan kon nie as menslike vlees kom vir die val nie waar Christus in menslike vlees gekom het om die wat geval het te herstel. Maar daar was 'n dier, die slang, so naby aan die mens dat Satan by daardie dier kon kom en deur daardie dier kon hy by die menslike vlees uitkom en die val veroorsaak, en homself indring daardeur in die menslike ras, selfs soos Jesus eendag sal kom en Homself in die menslike ras indring, in menslike liggame, selfs tot die mate van 'n opstanding waarin ons liggame sal hê soos Sy verheerlike een. Dus wat God hier in die tuin uitgewerk het, was Sy voortbestemde plan. En toe Satan gedoen het dit wat nodig was vir die doel van God, dan kon die mens nie by die Boom van Lewe uitkom in die tuin nie. Beslis nie. Dit was nie die tyd nie. Maar 'n dier (dier het die val veroorsaak het dit nie? laat dier lewe vergiet word) was geneem en sy bloed is vergiet en toe het God weer verhouding gehad met die mens. Dan moes daar 'n dag kom wanneer God sou verskyn in die vlees, en deur Sy vernedering sou Hy die gevalle mens herstel en hom 'n deelgenoot maak van daardie Ewige Lewe. As jy dit eers sien, kan jy die slang se saad verstaan en weet dat dit geen appel was wat Eva geëet het nie. Nee, dit was die vernedering van die mensdom deur vermenging van die saad.

Nou ek weet deurdat ek een vraag beantwoord het 'n ander geneig is om op te kom, en mense vra my, “As Eva so geval het, wat het Adam gedoen, want God plaas die blaam op Adam?” Dit is eenvoudig. Die Woord van God is vir altyd in die hemel bevestig. Voor een spikkel sterstof gemaak is, was daardie Woord (God se wet) daar PRESIES SOOS DIT IN ONS BYBEL GESKRYF IS. Nou die Woord leer ons dat as 'n vrou haar man los en verkeer met 'n ander man dan is sy 'n egbreker en sy is nie meer getroud nie en die man moet haar nie terugvat nie. Daardie Woord was waar in Eden soos wat dit waar was toe Moses dit in die wet geskryf het. Die Woord kan nie verander nie. Adam het haar teruggeneem. Hy het presies geweet wat hy gedoen het, maar hy het dit in elk geval gedoen. Sy was 'n deel van hom, en hy was gewillig om haar verantwoordelikheid op homself te neem. Hy sou haar nie laat gaan nie. So Eva het by hom swanger geword. Hy het geweet sy sou. Hy het presies geweet wat sou gebeur met die menslike ras, en hy het die menslike ras in sonde verkoop sodat hy Eva kon hê, want hy het haar liefgehad.

En so is daardie twee seuns gebore. Seuns wat sou vaders wees van die menslike ras wat selfs nou besoedel was. En wat sê die rekord van hulle? Lees die rekord. Judas 14,

*“En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer...”*

Génesis 5 is die hoofstuk van die geslagsregister van Henog. Dit gee daardie geslagsregister so, Adam, 2 Set, 3 Enos, 4 Kenan, 5 Mahalálel, 6 Jered, 7 Henog.

Merk dat Kain nie vermeld word nie. Die lyn van Adam gaan deur Set. As Kain die kind van Adam was, sou die wet van die geboortereg Kain die regte in die geslag gegee het. Ook daar moet noukeurig opgelet word dat in Génesis 5:3, sê dit dat, “Adam het honderd-en-dertig jaar gelewe, en het 'n seun in sy eie ewebeeld gehad, na sy beeld, en sy naam Set genoem.” Nêrens sê dit dat Kain in Adam se beeld was, tog sou hy moes wees as hy sy seun was, want die wet van voortplanting is uitdruklik dat elkeen voortbring volgens sy beeld. Ons moet ook op die feit reken in beide genealogie in Génesis en Lukas, dat

Kain afwesig is. As Kain die seun van Adam was sou dit gesê word van hom êrens dat, "Kain, wat die seun van Adam was, wat die seun van God was." Dit sê dit nie, want dit KAN NIE dit sê nie.

Natuurlik studente het vir 'n lang tyd twee lyne van mense uitgesit: een van wie die goddelike lyn gevind is in Set en die ander die ongoddelike lyn soos begin in Kain. En dit is vreemd, maar waar, hierdie selfde studente het ons nooit gesê nie, hoe dit was dat Kain die soort persoon was wat hy was, terwyl Abel en Set van die geestelike, goddelike lyn was. Feitelik, Kain behoort geestelik te gewees het en Abel minder geestelik, en Set selfs meer so, en verder af in die lyn want elke opvolgende geslag het altyd verder weg van God gegaan. Maar nee, Kain kom voort as goddeloos soos geen man ooit toegereken is nie want hy staan geweldig teen God en die Woord.

Nou laat dit bekend word: Skrif speel nie met woorde nie. Wat ookal in die Rekord is, is daar vir die gesafde oë om te sien. Dit is daar vir 'n doel. In daardie Woord sê dit, Génesis 3:20,

*"En die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe."*

Maar geen Skrif sê ooit dat Adam die vader is van alles wat lewe nie. As daar nie hierdie konnotasie is om op Génesis 3:20 te plaas nie, waarom sal dit genoem word dat Eva die moeder van almal is, en geen woord gesê word van Adam nie? Die feit is dat hoewel Eva die moeder van almal lewendig is, was Adam nie die vader van almal wat lewe nie.

In Genesis 4:1, het Eva gesê, "Ek het 'n man van die Here gekry." Sy gee Adam nie krediet vir die vaderskap van Kain nie. Maar in Genesis 4:25, sê sy,

*... God het my 'n ANDER kind geskenk IN DIE PLEK VAN ABEL, omdat Kain hom doodgeslaan het.*

Sy sê nie God het haar 'n ander saad GEGEE nie - dit sou Christus gewees het, want Hy is GEGEE. Hierdie seun, Set, was BENOEM in plaas van Abel. Sy het haar seun herken wat deur Adam gekom het; sy herken nie nou vir Kain nie want hy het deur die slang gekom. Wanneer sy sê ANDER SAAD in plaas van Abel, sê sy dat Kain anders was as Abel, want as hulle van dieselfde vader was moes sy sê, "MEER SAAD is aan my gegee."

Ek glo nie alles wat ek lees nie, maar dit is beslis 'n eienaardige ding dat in die Maart 1, 1963, uitgawe van LIFE sê sielkundiges presies dieselfde ding wat ons bespreek het. Nou ek weet dat alle sielkundiges nie saamstem met mekaar nie, maar hier is dit. Die vrees vir slange is nie 'n bewuste afkeer nie maar 'n onbewuste. As dit 'n natuurlike vrees was dan sou mense net so gelukkig en gefassineerd gestaan het voor die gorilla- of leeuhoek. Hulle onbewuste gedagtes laat hulle stuur na slange. Die aantrekking van slange is onbewustelik seksueel. Dat dit deur die eeue so was word deur die mense gesien geslag na geslag wat deur dieselfde ding gaan. Slang was altyd en sal altyd afstootlik aantreklik wees. Die slang het altyd gestaan vir dit wat beide goed en sleg is. Dit was 'n falliese simbool deur die eeue. Net presies soos die Tuin van Eden beskrywing is, vind ons die slang die verpersoonliking van hartstogtelike euwel.

Dit is amper universeel onder die verskeie ongekultiveerde stamme dat die slang geassosieer word met seks en dikwels in sameloop is met aanbidding. Die bestudeering van seksuologie bring dit uit in baie gevalle. Nou ek wil graag weet waar hierdie mense dit gekry het, siende dat hulle ongeleerd is en nooit die Bybel gelees het nie. Maar selfs soos die storie van die vloed aan die wêreld bekend is, so is hierdie waarheid van die val van die mens bekend. Hulle het geweet wat daar in Eden gebeur het.

Nou reg hier gaan iemand vir my hierdie vraag vra: Het God vir Eva gesê om uit te kyk vir die slang of dat die slang haar sou verlei? Nou luister, God hoef nie een ding te sê van wat sou gebeur nie. Kry net die punt van die storie. Hy het eenvoudig die Woord gegee. Hy het gesê om nie deel te hê van KENNIS nie. Neem deel van LEWE. LEWE WAS DIE WOORD VAN GOD. DOOD WAS ENIGIETS WAT NIE DIE WOORD VAN GOD WAS NIE. Sy het toegelaat dat EEN WOORD verander word en net toe het Satan haar gehad. God kon gesê het, "Moenie meer vrugte van die bome afpluk as wat jy kan eet nie." Satan kon sê, "Kyk, dit is nogal reg. Julle sien as jy te veel afpluk sal dit vrot word. Maar hier is 'n metode om die vrugte te preseveer en tog terselfde tyd kan jy alles pluk wat jy wil hê. So jy sien, jy kan jou manier kry en God se manier op dieselfde tyd." Die duiwel sou haar net daar kry. Hy wat skuldig is in EEN punt van die wet het die HELE wet gebreek. Moenie met daardie Woord peuter nie. Dit is presies wat gebeur het in die Efésiese Eeu voor dit klaar was omtrent 170 n.C.

En wat het daardie boom voortgebring? Die Boom van Kennis het dood voortgebring. Kain het sy broer, Abel, doodgemaak. Die bose het die regverdige doodgemaak. Dit het 'n patroon gestel. Dit sal daardie patroon hou tot die herstel van alle dinge soos deur die profete gespreek is.

Die Boom van Kennis het slim mense opgelewer; manne van roem. Maar hulle weë is die weë van dood. God se mense is eenvoudig maar geestelik gesind, leun na God en die natuur, bewerk die grond

kalm, besorg oor die waarheid eerder as rykdom. Die saad van die slang het geweldige besigheid gebring, wonderlike uitvindings, maar daarmee saam kom dood. Hulle buskruit en atoombomme maak dood in oorlog tye; en in vrede tye maak hulle meganiese uitvindings, soos die motor, selfs meer in 'n tyd van vrede dood as wat die uitvindings van oorlog vernietig in tye van probleme. Dood en verwoesting is die vrugte van haar arbeid.

Maar hulle is godsdienstig. Hulle glo in God. Hulle is soos hulle vader, die duiwel, en hulle voorvader, Kain. Beide van hulle het in God geglo. Hulle het kerk toe gegaan. Hulle meng met die regverdiges soos onkruid meng met die koring. Deur dit te doen verontreinig en bring hulle 'n Nikolaïetiese godsdienst te voorskyn. Hulle versprei hulle gif in elke poging om die saad van God te vernietig selfs soos Kain Abel vernietig het. Daar is geen vrees vir God voor hulle oë nie.

Maar God verloor nie een van Sy eie nie. Hy hou hulle selfs in dood, en het belowe dat in die laaste dae Hy hulle sal opwek.

### **Gevolgtrekking**

*"... Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die Boom van Lewe, Wat binne-in die paradys van God is."*

Wat 'n opwindende gedagte is dit. Daardie Boom Van Lewe in die Tuin van Eden Wie nie benader kon word as gevolg van die val van Adam nie word nou gegee aan die oorwinnaar. Die vlamme swaard van die bewakende gerub is in die skede. Maar dit is nie in sy skede gesteeke voordat die lem bebloed was met die bloed van die Lam nie. Laat ons nadink oor hierdie waarheid vir 'n wyle terwyl ons inagneem waarom die Boom vir Adam en sy nageslag ontsê was maar nou weer toegelaat word.

God se doel vir Sy skepping, mens, is om Sy Woorde uit te druk. In Génesis, is aan Adam die Woord gegee om volgens te lewe. 'n Lewe geleef deur die Woord sal die Woord uitgedruk wees. Dit is waar is dit nie? Maar het Adam gelewe volgens daardie Woord? Nee, omdat hy volgens ELKE Woord moes lewe, en hy het gefaal om ag te gee op elke Woord. Toe het Moses opgestaan. Wat 'n aansienlike en magtige man was hy. Tog het hy ook gefaal om volgens elke Woord te lewe, en daardie profeet, die tipe van die Groot Profeet wat sou kom, het in toorn gefaal om die Woord te gehoorsaam. En daar was ook Dawid, die groot koning van Israel, 'n man na God se eie hart. Hy het gefaal deur owerspel, toe hy versoek was. Maar eindelik, in die volheid van tyd, het daar Een gekom, die Hoof, ook Jesus, Wie ook beproef moes word om te kyk of Hy kon leef deur ELKE Woord wat sou uitgaan uit die mond van God. Toe was Satan gefnuik. Want hier was Een Wat geleef het deur "Dit is geskrywe," en daardie Meesterstuk van God het oorkom deur God se Woord te reflekteer. Toe was hierdie gemanifesteerde Perfekte Een aan die kruis gegee, as die Volmaakte Lam van God vir die volmaakte offerhande. En aan die boom het Hy die wonde van die dood ontvang, dat ons, deur Hom en as gevolg van Hom, mag eet van die Boom Van Lewe, en dan sal daardie Lewe wat vrylik aan ons gegee is ons in staat stel om te oorwin, en die Woord van God uitdruk.

En nou aan hierdie Seuns van God, wat deur Hom oorwin, word die voorreg gegee van die paradys van God, en die konstante kameraadskap van Jesus Christus. Daar sal nooit weer enige skeiding van Hom wees nie. Waar Hy gaan, sal Sy bruid gaan. Wat Syne is, deel Hy met Sy geliefde op 'n gesamentlike-erfgenaam verhouding. Die geheime dinge sal geopenbaar word. Die duister dinge sal duidelik gemaak word. Ons sal weet soos ons geken word. En ons sal soos Hy wees. Hierdie is die erfenis van die oorwinnaar wat oorwin het deur die bloed van die Lam en die Woord van getuie aan Jesus Christus.

Hoe verlang ons na daardie dag wanneer die krom paaie almal reguit gemaak sal word, en ons sal met Hom wees, tyd sonder einde. Mag daardie dag vinnig sy verskyning maak, en mag ons haas om Sy Woord te gehoorsaam en daardeur ons verdienstelikheid te bewys om Sy heerlikheid te deel.

*"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."* Hoe tragies is dit dat hierdie eerste eeu nie geluister het na die Gees nie. In plaas daarvan het hulle geluister na die mens. Maar dank God, in die laaste eeu sal daar 'n groep wees wat opstaan, die Ware Bruid van die laaste dag, en sy sal na die Gees luister. In daardie dag van totale duisternis sal die lig terugkeer deur die suiwer Woord en ons sal terugkeer na die krag van Pinkster om die Here Jesus Christus terug te verwelkom.





[www.messagehub.info](http://www.messagehub.info)

Preke Gelewer Deur

**William Marrion Branham**

"... in die dae van die stem ..." Openb. 10:7